

**PRAKTIESE INTELLIGENSIE EN DIE ONTWIKKELING
VAN DESKUNDIGHEID GEDURENDE
VOLWASSENHED: 'N GEVALLESTUDIE**

deur

CORNELIA PETRONELLA BURGER

NAVORSINGSESSAY

voorgelê ter gedeeltelike vervulling van die
vereistes vir die graad

MAGISTER EDUCATIONIS

in

VOLWASSENE- ONDERWYS EN OPLEIDING

in die

FAKULTEIT OPVOEDKUNDE EN VERPLEEGKUNDE

aan die

RANDSE AFRIKAANSE UNIVERSITEIT

STUDIELEIER: Prof. S.J. GRAVETT

Mei 1999

Dankbetuigings

Dit sou nie vir my moontlik gewees het om hierdie studie af te handel sonder die hulp en ondersteuning van 'n netwerk mense om my nie.

- ❖ Eerstens gaan my dank veral aan my man, Manie, wat my voluit ondersteun en gemotiveer het. Sonder hom en my dogter, Nelia, se hulp en ondersteuning, veral met die oppas van ons baba, sou dit onmoontlik gewees het om hierdie studie te voltooi.
- ❖ My dank aan my ouers, Giel en Tiesa Bekker, maar veral my Ma, wat onvoorwaardelik haar hulp verleen het wanneer dit druk gegaan het.
- ❖ My dank gaan ook aan al my familie en vriende vir morele ondersteuning. Hier wil ek veral vir die volgende mense uitsonder: René Uys, my vriendin, vir haar hulp en raad; Belinda en Cassie Strydom wat vir Arrie help oppas het, en Gerda Theron vir die taalversorging van hierdie dokument.
- ❖ Dankie aan Willem Pretorius wat sy belewenisse as leergestremde met my gedeel het. Sonder hom sou dit onmoontlik gewees het om hierdie studie uit te voer.
- ❖ Prof. Sarah Gravett se ondersteuning, hulp en positiewe bydrae, veral op daardie dae wanneer ek dit werklik nodig gehad het, was van onskatbare waarde. Baie dankie daarvoor!
- ❖ Bo alles, gaan my dank aan my Hemelse Vader wat my deur hierdie studie gedra het.

OPGEDRA AAN: Spesiale Onderwys

Abstract

This study emanated from the question why many adults who struggled with their learning disabilities in childhood, nevertheless cope successfully with adult life, including their occupational roles.

In the research literature on intelligence, it is indicated that intelligence in adulthood is related to adults' accumulated life experiences. Horn and Cattell first put this forth in their theory of fluid/crystallised intelligence and more recently by Sternberg with his theory of practical intelligence. Based on Sternberg's theory, I hypothesised that practical intelligence and the development of expertise in adulthood, might play a decisive role in the learning disabled adult's success.

This research was conducted from an interpretative perspective utilising the case study as research format. The case was selected purposefully on the basis that the person involved was typified as learning disabled during childhood, but nevertheless made a success of his adult life. In depth interviewing was used as data collection method. The interviews focussed on the case's life and work history aiming at eliciting patterns or factors that might contribute to his success in his work and personal life. The data was analysed via the constant comparative method of data analysis.

The main finding of this study is that practical intelligence did indeed play a role in the success of the case studied. However, practical intelligence can not be viewed in isolation. Other factors played a decisive role in his success as an adult. These factors were: he accepted his learning disability; he focussed on his strong points; he took control of his own life; he was persistent to succeed and he had the support of family, friends and mentors.

INHOUDSOPGAWE

	Bladsy
1. INLEIDING	1
2. PROBLEEMSTELLING EN DOEL VAN STUDIE	2
2.1 Agtergrond van die probleem en probleemstelling	2
2.2 Doel van studie	4
3. AANNAMES EN VOORVERONDERSTELLINGS VAN DIE NAVORSER	5
4. LITERATUURSTUDIE	
4.1 Inleiding	6
4.2 Faktore wat bydrae tot die sukses van leergestremde volwassenes:	6
4.2.1 Beheer neem van eie lewe	6
4.2.2 Aanvaarding van leergestremdheid	7
4.2.3 Identifisering van sterk punte en die bou daarop	8
4.2.4 'n Beroep wat sterk punte beklemtoon	8
4.2.5 Die ontwikkeling van metodes om hulle leergestremdheid te akkommodeer	9
4.2.6 Stel van doelwitte	10
4.2.7 Aanpasbaarheid in sosiale- en gemeenskapsituasies	10
4.2.8 'n Goeie selfbeeld	11
4.2.9 'n Ondersteuningsnetwerk	11
4.2.10 Samevatting	12

4.3	Intelligensie gedurende volwassenheid:	13
4.3.1	Inleiding	13
4.3.2	IK toetse	13
4.3.3	Vloeibare en gekristalliseerde intelligensie	14
4.3.4	Veelvuldige intelligensies	15
4.3.5	Praktiese intelligensie:	16
4.3.5.1	Die verskille tussen akademiese en praktiese intelligensie	16
4.3.5.2	Ongearkuleerde kennis ("tacit knowledge")	17
4.3.5.3	Die ontwikkeling van deskundigheid	18
4.3.6	Samevatting en gevolgtrekking	19
5.	NAVORSINGSMETODOLOGIE	
5.1	Inleiding	20
5.2	Navorsingsaanslag / oriëntasie	20
5.3	Steekproeftrekking ("sampling")	21
5.4	Kwalitatiewe data insamelingsmetode:	
5.4.1	Gevallestudieformaat ("case study format")	21
5.4.2	Onderhoude	22
5.5	Data-analise:	
5.5.1	Data analise proses	25
5.5.1.1	Transkribering van onderhoude	25
5.5.1.2	Kodering van onderhoude	26
5.5.1.3	Plaas van data in voorlopige kategorieë	27
5.5.1.4	Die skryf van reëls vir insluiting ("rules of Inclusion")	27
5.5.1.5	Diagram	28
5.6	Etiese oorwegings	28

6.	BEVINDINGE VAN STUDIE	
6.1	Inleiding	30
6.2	Beskrywing van die geval:	
6.2.1	Biografiese agtergrond van die geval	30
6.2.2	Verloop van Willem se lewe	31
6.2.2.1	Laerskooljare	31
6.2.2.2	Spesiale skool	31
6.2.2.3	Eerste werk	35
6.2.2.4	Vakleerling	37
6.2.2.5	Kollege	38
6.2.2.6	Willem se lewe tans	40
6.3	Bespreking van bevindinge:	
6.3.1	Inleiding	45
6.3.2	Faktore wat bygedra het tot die geval se sukses:	
6.3.2.1	Aanvaarding van leergestremdheid	45
6.3.2.2	Konsentrasie op sterk punte	46
6.3.2.3	Beheer neem van eie lewe en deursettingsvermoë	46
6.3.2.4	Ondersteuningsnetwerk	47
6.3.2.5	Praktiese intelligensie en die ontwikkeling van deskundigheid	48
7.	GEVOLGTREKKING	50
8.	SLOTWOORD	51
	BRONNELYS	52
	BYLAE A: Uittreksel van eerste onderhoud	58
	BYLAE B: Uittreksel van tweede onderhoud	65
	BYLAE C: Uittreksel van derde onderhoud	70
	LYS VAN FIGURE: Figuur 1	29

1. INLEIDING

In hierdie studie word na redes gekyk waarom leergestremde volwassenes 'n sukses kan maak van hulle lewens, ten spyte van hulle gestremdheid.

In die gedeelte wat volg word die agtergrond van die probleem, die probleemstelling en die doel van die studie bespreek. Daarna sal die aannames en voorveronderstellings genoem word. 'n Ryk beskrywing van die geval se lewens- en leergeskiedenis volg, waarna die bevindinge van die studie bespreek word.

Die literatuurstudie fokus op die faktore wat dalk mag bydra tot die sukses van die leergestremde volwassenes, sowel as praktiese intelligensie. Die laaste gedeelte fokus op die bevindinge, gevolgtrekking en slotwoord.



2. PROBLEEMSTELLING EN DOEL VAN STUDIE

2.1 Agtergrond van die probleem en probleemstelling

Baie mense wat as leergestremd getipeer is, maak tog 'n sukses van hulle lewe, ten spyte van hulle gestremdheid. Ek is 'n onderwyseres by 'n skool vir leergestremde leerlinge en daarom het ek 'n besondere belangstelling in leergestremdes se lewens. Ek het begin wonder hoekom sogenaamde leergestremde volwassenes tog 'n sukses van hulle lewens maak, ten spyte van hulle leergestremdheid.

Ek is die afgelope tien jaar betrokke in Spesiale Onderwys (SpO). Jaarliks word kinders van 13 jaar en ouer verwys na spesiale onderwys. Hierdie kinders word slegs toegelaat tot spesiale onderwys, nadat hulle deur die onderwysdepartement getoets is. Hierdie kinders kom uit 'n agtergrond van mislukkings, aangesien hulle nie kon vorder in hoofstroom onderwys nie. Hulle het gewoonlik 'n lae selfbeeld en stel nie hoë eise aan hulleself nie. Spesiale onderwys het ten doel om die kind in sy totaliteit op te voed en op te lei, sodat hulle, wanneer hulle die skool verlaat, die verantwoordelikhede van volwassenheid kan aanvaar.

Onderwysers in spesiale onderwys sien hoedat hierdie kinders groei en ontwikkel wanneer hulle die geleentheid gebied word om teen hulle eie tempo te leer. Hulle word ook die geleentheid gebied om in beroepsgerigte vakke hulle nis te vind. Tydens hulle opleiding word daar gepoog om positiewe houdings by die leerlinge te kweek. Wanneer hulle hulle vaardighede ontdek en dit ontwikkel, kan hulle sukses smaak wat bydra tot 'n beter selfbeeld.

In die bestudering van literatuur oor volwassene-onderwys, het ek die teorie van praktiese intelligensie teëgekomp. Op grond daarvan het ek begin wonder of praktiese intelligensie nie dalk bydra tot die sukses wat leergestremdes as volwassenes maak nie. Op skool word meer klem gelê op akademiese intelligensie en word kinders as leergestremd geklassifiseer. My werksipotese in hierdie studie, is dus dat een van die faktore wat bydra en waarskynlik 'n baie belangrike rol speel in die sukses wat leergestremde volwassenes maak, is die feit dat praktiese intelligensie by volwassenes baie belangriker raak, as akademiese intelligensie (Sternberg & Wagner, 1986:1). Intelligensie van volwassenes, met die klem op praktiese intelligensie en die ontwikkeling van deskundigheid ("expertise"), dien dus as teoretiese raamwerk vir hierdie studie.

Meer onlangse voorstellings van intelligensie in volwassenheid, fokus daarop dat geakkumuleerde lewenservaring bydra tot die ontwikkeling van intelligensie by volwassenes. Wanneer volwassenes hierdie lewenservaring toepas in byvoorbeeld hulle werksituasie, kan dit bydra tot die ontwikkeling van deskundigheid.



2.2 Doel van studie

Die hoofdoel van hierdie studie was om die fenomeen te ondersoek dat persone wat op skool as leergestremd getipeer word, tog dikwels gedurende volwassenheid 'n sukses van hulle beroepslewe maak.

Om hierdie doel te kan bereik, is die geval van 'n enkel persoon, wat as kind getipeer is as 'n leergestremde maar suksesvol is as volwassene, in diepte ondersoek. 'n Ryk beskrywing van sy lewens- en leergeskiedenis word in die studie gegee. Die verwagting met die ondersoek was dat patrone en/of faktore na vore sal kom wat as verklaring kan dien waarom hy sukses behaal het as volwassene. Soos vermeld, is hierdie studie gedoen teen die agtergrond van praktiese intelligensie.



3. AANNAMES EN VOORVERONDERSTELLINGS VAN DIE NAVORSER

Hierdie studie is gedoen omdat ek graag wou uitvind waarom sekere kinders wat hulle skoolopleiding in spesiale onderwys voltooi het en getipeer was as leergestremd, 'n sukses maak van hulle volwasse lewe.

Met die aanvang van die studie, het ek verwag om sekere persoonlike eienskappe te vind wat sou bydra tot die suksesse van die leergestremde volwassene. Ek was seker dat die leergestremde kind net suksesvol sou wees as volwassene, indien hy/sy as kind 'n goeie selfbeeld en baie selfvertroue gehad het. Ek het ook verwag dat die skool dalk 'n beslissende rol mag speel in die ontwikkeling van die kind se selfbeeld, wat kon bydra tot sy sukses as leergestremde volwassene.

My ander aanname was dat baie leergestremde kinders vaardig is met hulle hande. Dit was waarskynlik een van die faktore wat 'n rol kan speel in leergestremde volwassenes se sukses in hulle beroepe.

4. LITERATUURSTUDIE

4.1 Inleiding

Met die oog daarop om die navorsingsprobleem beter te belig en te bespreek, sal die eerste gedeelte van die literatuurstudie fokus op faktore wat moontlik kon bydra tot die sukses van leergestremde volwassenes. Die volgende faktore sal bespreek word: beheer neem van eie lewe; aanvaarding van leergestremdheid; identifisering van sterk punte en die uitbou daarvan; 'n beroepskeuse wat sterk punte beklemtoon; die ontwikkeling van metodes om leergestremdheid te akkomodeer; die stel van doelwitte; aanpasbaarheid in sosiale- en gemeenskapsituasies; 'n goeie selfbeeld en die ondersteuningsnetwerk van die leergestremde volwassene.

Die tweede gedeelte van die literatuurstudie fokus op intelligensie gedurende volwassenheid, met besondere klem op praktiese intelligensie en die ontwikkeling van deskundigheid ("expertise").

4.2 Faktore wat bydra tot die sukses van leergestremde volwassenes:

4.2.1 Beheer neem van eie lewe

Navorsing toon aan dat leergestremde volwassenes waarskynlik net suksesvol kan wees indien hulle beheer kan neem van hulle eie lewe (Gerber, Ginsberg & Reiff, 1992:479; Field, 1996:42). Om in beheer te wees is 'n bewuste besluit wat vloei uit die allesoorheersende begeerte om suksesvol te wees. Dit sal ook die nodige deursettingsvermoë verskaf wat hulle benodig om oor te gaan tot aksie (Gerber, et al 1992:480-482; Greenbaum, Graham & Scales, 1996:171). Beheer is die brandstof tot sukses.

In die werksituasie beteken beheer dikwels om in beheer te wees van die fisiese omgewing, maar dit het ook 'n dieper geestelike en emosionele betekenis. Dit is 'n hartseer realiteit dat die meeste leergestremde volwassenes gewoon was aan mislukkinge in die skoolsituasie (Gerber, et al 1992:487). Hierdie situasie hoef nie in volwassenheid voort te duur nie. Leergestremde volwassenes kan beheer neem van hulle eie lewens as hulle glo dat hulle suksesvol kan wees (Gerber, et al 1992:479; Gerber, Ginsberg & Reiff, 1996:98; Wehmeyer & Schwartz, 1997:246; Field, 1996:43). Hulle moet aanpasbaar wees in nuwe situasies en onafhanklik kan optree. Hierdie outonomieit is nodig sodat hulle die regte keuses kan maak wat tot hulle groei en ontwikkeling sal bydra (Neumeyer & Bleasdale, 1996:92; Field, 1996:42).

4.2.2 Aanvaarding van leergestremdheid

Leergestremde volwassenes sal waarskynlik slegs suksesvol wees indien hulle bewus is van hulle leergestremdheid en dit aanvaar. Na aanvaarding moet hulle 'n bewuste besluit neem om met die leergestremdheid saam te leef (Neumayer & Bleasdale, 1996:102; Adelman & Vogel, 1990:154; Polloway, Schewel & Patton, 1992:520; Gerber, et al 1992:481-482; Weller, Watteyne, Herbert & Crelley, 1994:283; Field, 1996:40; Greenbaum, et al 1996:171; Gerber, et al 1996:100). Daarna sal dit vir hulle moontlik wees om te bepaal onder watter omstandighede hulle moet werk sodat hulle leergestremdheid hulle nie verhinder om suksesvol te wees nie (Weller, et al 1994:293; Ohler, Levinson & Sanders, 1995:72). Hulle leergestremdheid behoort dus nie as 'n struikelblok gesien gesien word nie, maar as iets wat nie kan verander nie en waarmee hulle sal moet saamleef (Gerber, et al 1992:480-482; Greenbaum, et al 1996:171).

4.2.3 Identifisering van sterk punte en die bou daarop

Leergestremde volwassenes moet hulle sterk eienskappe kan identifiseer en daarop kan konsentreer indien hulle suksesvol wil wees in hulle beroepe. Sodoende weet hulle watter take suksesvol afgehandel kan word. Elke taak wat suksesvol afgehandel word, dien as motivering om meer take suksesvol af te handel (Weller, et al 1994:282; Adelman & Vogel, 1990:161; Ohler, et al 1995:72; Gerber, et al 1996:100). Leergestremde volwassenes se verwagtinge van hulleself sal dan verbeter, omdat suksesvolle ervaringe van die verlede dien as motivering en die bou van 'n positiewe selfbeeld (Scarpati, Malloy & Fleming, 1996:17; Wehmeyer & Schwartz, 1997:253-254; Ohler, et al. 1995:70; Rock, Fessler & Church, 1997:248).

4.2.4 'n Beroep wat sterk punte beklemtoon

Wanneer leergestremde volwassenes hulle sterk punte geïdentifiseer het, moet hulle 'n beroep kies wat hulle sterk punte beklemtoon en swak punte ondergeskik stel (Silver in Adelman & Vogel, 1990:154; Ohler, et al. 1995:71). Indien hulle hulle kennis en ondervindinge kan toepas in huile beroepe, sal hulle voel dat hulle in beheer is en dit kan 'n positiewe verandering in denke laat plaasvind. Aktiwiteite kan dus so beplan word dat dit sukses sal meebring (Weller, et al 1994:293; Gerber, et al 1992:479; Greenbaum, et al 1996:172; Jansen & Wildemeersch, 1996:326, 330).

4.2.5 Die ontwikkeling van metodes om leergestremdheid te akkomodeer

Slegs wanneer volwassenes hulle leergestremdheid erken en aanvaar, kan hulle die nodige aanpassings maak om dit te akkomodeer. Heelwaarskynlik sukkel die meeste leergestremde volwassenes met lees en skryf. Deur byvoorbeeld 'n beroep te vind waar sukses nie afhang van 'n hoë vlak van geletterdheid nie, hoef hierdie probleem nie 'n struikelblok te wees nie. Ander hulpbronne soos woordverwerkers of diktafone kan ingespan word om as hulp te dien. Mentors kan hier ook 'n belangrike rol speel. Wanneer die mentor bewus is van sy protegé se gestremdheid, kan hy tot hulp wees (Greenbaum, et al 1996:172; Adelman & Vogel, 1990:158, 201; Ohler, et al 1995:68; Reid & Button, 1995:611; Rock, Fessler & Church, 1997:248; Polloway, Schewel & Patton, 1992:521). Dit is ook belangrik dat leergestremde volwassenes hulle mentors se hulp aanvaar en positief voel daaroor. Die regstelling van foute moet as leergeleenthede gesien word en moet nie negatief ervaar word nie (Ohler, et al 1995:96; Anderson, Kazmierski & Cronin, 1995:201; Reid & Button, 1995:611).

Ander metodes wat leergestremde volwassenes kan toepas om suksesvol te wees in hulle beroep, is byvoorbeeld om ekstra tyd te vra om 'n taak af te handel (Anderson, et al 1995:201). Hulle kan ook vir addisionele hulp vra (Durlak in Field, 1996:41) en hulle eie werk deeglik nagaan om foute te vermy. Dit is slegs moontlik indien hulle hulle leergestremdheid aanvaar en bereid is om metodes te ontwikkel om daarmee saam te leef (Adelman & Vogel, 1990:154; Gerber, Schnieders, Paradise, Reiff, Ginsberg & Popp, 1990:570; Greenbaum, et al 1996:171; Weller, et al 1994:289).

Ook hul vlak van motivering en deursettingsvermoë sal bepaal hoe suksesvol leergestremde volwassenes in die werksituasie aanpas (Gerber in Adelman & Vogel, 1990:155; Greenbaum, et al 1996:171, 172; Gerber, et al 1992:479). Dit

is baie belangrik dat werk nie net as bron van inkomste gesien word nie, maar dat dit ook geniet moet word. Dit is slegs moontlik wanneer leergestremde volwassenes 'n beroep vind waarin hulle suksesvol kan wees (Gerber, et al 1992:482). Deur aan hulleself realistiese, bereikbare doelwitte te stel, kan klein suksesse as motivering dien om selfs meer sukses in hulle beroepe te bereik.

4.2.6 Stel van doelwitte

Deur hulle eie doelwitte te stel, neem leergestremde volwassenes beheer oor van hulle eie lewens, omdat hulle aksie neem en self hulle toekoms beplan (Weller, et al 1994:292; Gerber, et al 1992:479). Wanneer hulle realistiese, bereikbare doelwitte stel, bied dit hulle die geleentheid om te fokus op suksesse, eerder as mislukkings.

Doelwitte wat bereik word, skep geleentheid vir die stel van meer uitdagende doelwitte. Klein suksesse kan dus lei tot groter suksesse omdat hulle vaardighede aanleer wat tot sukses lei (Field, 1996:41,42; Gerber, et al 1992:480; Spekman in Weller, et al 1994:288; Gerber, et al 1996:98; Lichtenstein, 1993:340). Deur suksesvol te wees in hulle onderskeie beroepe, sal leergestremde volwassenes ook makliker aanpas in sosiale en gemeenskapsituasies, omdat hulle goed voel oor hulle self.

4.2.7 Aanpasbaarheid in sosiale- en gemeenskapsituasies

'n Positiewe selfbeeld is 'n natuurlike uitkoms van sukses in die werksituasie. Dit het ook tot gevolg dat leergestremde volwassenes makliker sal aanpas by veranderde eise en verantwoordelikhede wat deur die samelewing aan hulle gestel word. Deur pro-aktief op te tree in sosiale en gemeenskapsituasies, kan

geleenthede raakgesien word waaruit voordeel getrek kan word. Hulle moet hulp aanvaar wat aangebied word en toelaat dat interaksie met ander persone bydra tot die ontwikkeling van hulle persoonlikhede. Goeie sosiale vaardighede dra ook by tot die ontwikkeling van 'n positiewe selfbeeld (Weller, et al 1994:283; Spekman in Weller, et al 1994:288; Ohler, et al 1995:67; Adelman & Vogel, 1990:155; Rock, et al 1997:248; Scuccimarra & Speece, 1990:218).

4.2.8 'n Goeie selfbeeld

Leergestremde volwassenes met 'n goeie selfbeeld sal heelwaarskynlik meer suksesvol wees in hulle beroepe as dié daarsonder. Deurdat hulle hulle leergestremdheid verstaan, kan hulle kompenseer vir hulle swak punte deur op hulle sterk persoonlike eienskappe sowel as vaardighede te konsentreer (Greenbaum, et al 1996:171; Adelman & Vogel, 1990:154; Ohler, et al 1995:67).

'n Goeie selfbeeld dra by tot die ontwikkeling van 'n positiewe houding teenoor die beroep wat kan lei tot beroeps- en akademiese suksesse. Die ontwikkeling in die beroep vind plaas omdat 'n goeie selfbeeld ook lei tot die verbetering van persepsies en waarnemingsvermoë, wat op hulle beurt weer lei tot beroepsukses (Ohler, et al. 1995:72; Weller, et al. 1994:283).

4.2.9 'n Ondersteuningsnetwerk

Navorsing toon dat geen leergestremde volwassene in isolasie sukses kon bereik nie. Die ondersteuning van ouers, eggenote, familie, vriende en mentors dra in 'n groot mate by tot hulle suksesse. Baie leergestremde volwassenes kies spesifieke mentors om hulle in verskillende situasies by te staan en sodoende suksestebehaal. Dit kan 'n ouer, familielid of 'n senior persoon by die werk wees (Lichtenstein, 1993:339,342; Dyson, 1996:285; Greenbaum, et al 1996:172; Ohler, et al 1995:73; Gerber, et al 1992:479, 483; Patton & Polloway, 1992:414).

4.2.10 Samevatting

Die eerste gedeelte van die literatuurstudie het gefokus op faktore wat moontlik kan bydra tot die sukses van leergestremde volwassenes. Dit is vir die leergestremde volwassene selfs moontlik om van hierdie faktore te ontwikkel sodat dit tot sy sukses kan bydra.

Vervolgens handel die tweede gedeelte van die literatuurstudie oor intelligensie gedurende volwassenheid, met besondere klem op praktiese intelligensie.



4.3 Intelligensie gedurende volwassenheid

4.3.1 Inleiding

Voordat intelligensie gedurende volwassenheid bespreek word, sal daar eers by die toets van intelligensie in kinders begin word. Dit word gedoen omdat die begrip intelligensie vir so lank gelykgestel is aan die uitslag van die IK toetsing van kinders. Die teorie van vloeibare en gekristalliseerde intelligensie sal dan bespreek word. Daarna sal daar gefokus word op die teorie dat daar veelvuldige intelligensies bestaan en dat dit in kombinasie by elke persoon voorkom. Na afloop hiervan val die fokus van die literatuurstudie op praktiese intelligensie en die ontwikkeling van deskundigheid in volwassenheid.

4.3.2 IK-toetse



Intelligensie word tradisioneel gesien as dlt wat met IK-toetse gemeet kan word (Klemp & Mc Clelland in Sternberg & Wagner, 1986:31). Intelligensietoetse is aanvanklik ontwikkel om kinders te klassifiseer volgens hulle akademiese vermoëns. Hierdie toetse is baie formeel en fokus op die persoon se teoretiese kennis en dus akademiese vermoë (Scribner, 1986:13; Maree, 1991:12).

Verskeie outeurs (Wagner & Sternberg, 1986: 51; Sternberg, 1985:11; Gardner, 1993:3; Ackerman, 1998:145; Scribner, 1986:13) ondersteun die idee dat intelligensie, veral gedurende volwassenheid, nie slegs deur IK-toetse gemeet kan word nie. Die verskil tussen 'n persoon se IK-telling en die vaardigheid waarmee hulle probleme wat in die alledaagse lewe voorkom oplos, kan nie meer langer geïgnoreer word nie.

4.3.3 Vloeibare en gekristalliseerde intelligensie

'n Kind wat met 'n hoë IK getoets is, gaan nie noodwendig as volwassene intelligent optree in die werklike lewe nie (Ackerman, 1998:145). Hierdie verskynsel kan moontlik verklaar word deur Horn & Cattell se teorie dat intelligensie in twee komponente verdeel kan word, naamlik vloeibare en gekristalliseerde intelligensie. Vloeibare intelligensie word by kinders tydens intelligensietoetse gemeet. Hierdie toetse is ontwikkel deur op die kritiese ontwikkelingstake van die vroeëre lewe, en dus op die kognitiewe ontwikkeling van die individu te konsentreer (Willis & Schaie, 1986:265). Formele kennis en veral die individu se vermoë om akademiese probleme op te los, word gemeet. Hierdie probleme word opgelos deur inligting wat verkry word tydens onderrig - dus in die skool. Vloeibare intelligensie neem af in vroeë volwassenheid wanneer die individu nie meer deel is van 'n formele onderrigssituasie nie (Torff & Sternberg, 1998:115-116; Tennant & Podgson, 1995:12-16; Sternberg, 1990:109, 286; Dixon & Baltes, 1986:214; Willis & Schaie, 1986:264; Wagner & Sternberg, 1986:376; Sternberg, 1985:77-78).

In teenstelling met vloeibare intelligensie, word gekristalliseerde intelligensie geassosieer met ondervinding, geakkumuleerde kennis, 'n persoon se interaksie met sy/haar omgewing asook sy/haar vlak van formele onderrig (Gravett, 1994:10). Dit is dus daardie kennis wat benodig word om praktiese probleme op te los soos wat dit in die werklikheid voorkom. Hierdie probleme het nie noodwendig slegs een antwoord nie. Die volwassene moet van geakkumuleerde ervaringe gebruik maak wanneer probleme opgelos moet word. Gekristalliseerde intelligensie vermeerder soos wat die persoon se ervaringe vermeerder en neem dus toe in volwassenheid (Torff & Sternberg, 1998:115-116; Tennant & Podgson, 1995:12-16; Sternberg, 1990:109, 286; Dixon & Baltes, 1986:214; Willis & Schaie, 1986:264; Wagner & Sternberg, 1986:376; Sternberg, 1985:77-78).

4.3.4 Veelvuldige intelligensies

In die veld van intelligensie, is daar vanaf die vroeë sewentigerjare, navorsing gedoen oor die bestaan van veelvuldige ("multiple") intelligensies (Gardner, 1993:9; Sternberg, 1990:261; Walters & Gardner, 1986:165-175). Volgens hierdie teorieë, waarvan die teorie van Gardner (1993:9) baie prominent is, kan intelligensie gesien word as 'n stel vaardighede of verstandelike bekwaamhede waarmee elke persoon gebore word. Hierdie talente en die gepaardgaande geskiedenis van opleiding, bepaal elke persoon se profiel van vaardighede of kombinasie van vaardighede (Maree, 1991:21).

Gardner (1993:61) identifiseer in sy boek oor veelvuldige intelligensies, sewe vorms van intelligensie. Naamlik: musikale intelligensie; liggaamlike/kinetiese intelligensie; logiese/wiskundige intelligensie; taalkundige intelligensie; ruimtelike intelligensie; interpersoonlike intelligensie en intra-persoonlike intelligensie.

Volgens Walters & Gardner (1986:167) en Gardner (1993:59) kom verskillende kombinasies van die sewe intelligensies in elke persoon voor. 'n Persoon se intelligensie-profiel kan reeds vroeg in sy/haar lewe geïdentifiseer word. Wanneer daar op hierdie profiel gebou word, kan daardie spesifieke intelligensies ontwikkel word (Gardner, 1993:9). Gardner definieer intelligensie as:

" an ability or set of abilities that permits an individual to solve problems or fashion products that are of consequence in a particular cultural setting"

Dit is belangrik dat elke persoon sy/haar nis vind, sodat optimale benutting van die persoon se profiel van vaardighede kan plaasvind (Wagner & Sternberg, 1986:375).

Tot dusver is die klem van die bespreking op die teorie van vloeibare en gekristalliseerde intelligensie geplaas. Soos reeds vermeld, is daar in die literatuur 'n verband tussen gekristalliseerde intelligensie en die meer resente

teorie van praktiese intelligensie. Die afdeling wat volg, fokus op praktiese intelligensie van volwassenes.

4.3.5 Praktiese intelligensie

4.3.5.1 Die verskille tussen akademiese en praktiese intelligensie

Nesser (1976) was die eerste persoon wat onderskei het tussen praktiese en akademiese intelligensie by volwassenes (in Torff & Sternberg, 1998:113). Volgens hom is akademiese intelligensie meetbaar met IK-toetse, daar is een antwoord vir die oplossing van 'n probleem en dit is meestal op skool van toepassing. Dit is dieselfde as die teorie dat vloeibare intelligensie ontwikkel en aangewend word om akademiese probleme op te los.

In teenstelling met bogenoemde, sluit praktiese intelligensie alles in wat buite die skool gebeur. Praktiese intelligensie is nodig vir die oplossing van alledaagse probleme. Hierdie probleme is ongeformuleer, daar bestaan verskeie oplossings vir een probleem en verskeie metodes kan gevolg word om probleme op te los. Doelwitte wat bereik moet word is gewoonlik ekstern, byvoorbeeld 'n pap motorband wat herstel moet word (Klemp & McClelland in Sternberg & Wagner, 1986:31; Ford, 1986:183; Willis & Schaie, 1986:264; Wagner, 1986:362; Sternberg & Spear-Swerling, 1996:24; Ackerman, 1998:145; Torff & Sternberg, 1998:116; Tennant & Podgson, 1995:29; Jansen & Wildemeersch, 1996:330; Frederiksen, 1986:110). Die verbetering van praktiese vaardighede het die vermeerdering van gekristalliseerde intelligensie tot gevolg.

Sternberg en Spear-Swerling (1996:6) meld dat om intelligent te wees, moet 'n volwassene in een van die volgende drie fasette kan uitblink, naamlik: analities, prakties of kreatief. Vir hierdie studie word daar gefokus op praktiese intelligensie

en die daarmee gepaardgaande ontwikkeling van deskundigheid (Sternberg & Spear-Swerling, 1996:6-1; Torff & Sternberg, 1998:112).

Die rol wat ongeartikuleerde kennis ("tacit knowledge") in praktiese intelligensie speel, sal nou bespreek word.

4.3.5.2 Ongeartikuleerde kennis ("tacit knowledge")

Professionele bekwaamheid berus in 'n groot mate op die volwassene se vanselfsprekende of verborge kennis van die werksituasie (Wagner, 1986:364; Torff & Sternberg, 1998:118). Hierdie kennis word nie openlik bespreek nie en is meestal slegs tot die werksituasie relevant. Hierdie kennis word nie in boeke of handleidings gevind nie, maar word aangeleer in die beroep (Sternberg, 1985:269; Wagner, 1986:362-364; Wagner & Sternberg, 1986:51; Sternberg, 1990:268-277; Weller, et al 1994:288).

Scribner (1986:26) het navorsing by 'n melkery gedoen en gevind dat sogenaamde ongeskoolde werkers ingewikkelde wiskundige berekeninge uitvoer wanneer bestellings gepak word. Die melk word verpak in verskillende grootte bottels en kratte. Die werkers het 'n metode ontwikkel om die bestellings in die kortste moontlike tyd met die minste fisiese bewegings uit te voer. Hulle doen hierdie wiskundige berekeninge vinnig en akkuraat, sonder om van 'n sakrekenaar gebruik te maak. Met die neem van voorraad in die pakhuis het hulle in denkbeeldige blokke getel. Die hoeveelheid kratte wat nie daar was om die blok te voltooi nie, is afgetrek. Hulle het dus nie die fisiese hoeveelhede getel nie. Scribner het 'n proefneming gedoen deur mense in die melkery te plaas wat akademies, en veral wiskundig sterk is. Hulle het baie langer geneem om bestellings uit te voer. Haar slotsom was dat die werkers van ongeartikuleerde kennis gebruik maak om hulle werk te verrig. Hierdie kennis is slegs van

toepassing op hulle werksituasie. Dieselfde tipe wiskundige bewerkings kon hulle nie op papier doen nie.

Ceci en Liker (1986:120-122) het 'n soortgelyke ondersoek gedoen met professionele perdewedders. Hierdie wedders moes sewe bronne van informasie teen mekaar opweeg om te kan wed op die volgende perderesies. Ingewikkelde wiskundige berekenings is gedoen om byvoorbeeld die spoed wat 'n perd hardloop, te bepaal. Hierdie wiskundige vermoë korreleer dikwels nie met sommige van die wedders se lae IK nie.

In albei bogenoemde gevalle, word ongeartikuleerde kennis en dus praktiese intelligensie gebruik om die nodige resultate te kry. Volgens Sternberg (Torff & Sternberg, 1998:116) besit ongeartikuleerde kennis die volgende drie eienskappe, naamlik: die persoon besit 'n vaardigheid, daardie vaardigheid kan aangewend word om 'n doel te bereik en dit het tot gevolg dat individue se ongeartikuleerde kennis vermeerder.

Ongeartikuleerde kennis kan vermeerder met ondervinding in die beroep en daar kan dus verwag word dat die persoon se praktiese vaardighede ook sal vermeerder. Dit kan ook vermeerder wanneer die persoon persoonlike doelwitte vir sy/haar lewe stel wat sy/haar eie unieke kombinasie van intelligensies benut en dus sy/haar vaardigheid verhoog (Torff & Sternberg, 1998:116; Sternberg, 1985-269; Scribner, 1986:13). Die stel van doelwitte dra by tot die ontwikkeling van deskundigheid ("expertise") op daardie spesifieke gebied waar aksie plaasvind (Wagner, 1986:375; Wagner & Sternberg, 1986:56).

4.3.5.3 Die ontwikkeling van deskundigheid

Wanneer praktiese intelligensie toegepas word in 'n spesifieke konteks of vakrigting, word dit deskundigheid genoem (Tennant & Podgson, 1995:49;

Wagner & Sternberg, 1986:76). Wanneer die ontwikkeling van praktiese intelligensie ondersoek word, is dit duidelik dat ongeartikuleerde kennis ontwikkel en verander soos wat die individu of sy/haar situasie verander - dwarsdeur sy/haar lewensjare. Dit is belangrik dat die individu sy/haar deskundigheid behou deur ook op hoogte te bly van die verandering van tegnologie in sy/haar beroep (Torff & Sternberg, 1998:116-118).

Deskundigheid ontwikkel hoofsaaklik deur lewenslange ondervinding en dus tydens volwassenheid. Deskundigheid word ontwikkel deur kennis en vaardighede tydens praktiese ondervinding in die werksituasie en in die alledaagse lewe. Dit sluit aan by die teorie van gekristalliseerde intelligensie wat vermeerder tydens volwassenheid (Torff & Sternberg, 1998:119; Sternberg, 1990:274-277; Sternberg, 1985:95; Dixon & Baltes, 1986:221).

Omdat tegnologie en persone se rolle verander, is die inhoud van ongeartikuleerde kennis nie so belangrik nie. Vaardighede wat byvoorbeeld belangrik was in die jeugjare, is dalk nie meer so belangrik tydens volwassenheid nie. Wat wel belangrik is, is dat lewenslange leer plaasvind. Sukses in volwassenheid berus op die individu se vermoë om aan te pas by nuwe situasies, deur kennis en vaardighede te verander (Torff & Sternberg, 1998:119; Wagner & Sternberg, 1986:76).

4.3.6 Samevatting en gevolgtrekking

In hierdie literatuurstudie is die navorsingsprobleem belig, deur eerstens te kyk na die faktore wat 'n rol kan speel waarom leergestremde volwassenes 'n sukses van hulle lewe kan maak. Die tweede gedeelte van die literatuurstudie het gefokus op die rol van praktiese intelligensie in volwassenheid. Ek het geredeneer dat dit waarskynlik ook 'n rol kan speel waarom leergestremde volwassenes 'n sukses van hulle beroepe kan maak.

5. NAVORSINGSMETODOLOGIE

5.1 Inleiding

Hierdie gedeelte van die navorsingsverslag fokus op die navorsingsmetodologie wat gevolg is in hierdie studie. Ek bespreek eerstens die navorsingsaanslag. Dit word gevolg deur 'n uiteensetting van hoe die steekproef gedoen is en die kwalitatiewe data-insamelingsmetodes wat gevolg is. Daarna word die proses van data-analise bespreek, wat laastens opgesom word in 'n diagram (Figuur 1).

5.2 Navorsingsaanslag / oriëntasie

Hierdie navorsing is vanuit 'n interpretatiewe perspektief aangepak. Die rede hiervoor is omdat die studie fokus op die betekenis van die geval wat nagevors word se lewenservaringe en die invloed daarvan op sy lewe as volwassene. Ek het probeer om die geval se ondervindinge wat bygedra het tot sy sukses, te identifiseer, asook om die metodes wat hy gebruik om sy leergestremdheid te hanteer, te identifiseer (Maykut & Morehouse, 1994:45, Merriam, 1998:5).

Vanuit 'n interpretatiewe perspektief, word geredeneer dat wanneer navorsing gedoen word, dit onmoontlik is om die waardes van die deelnemers (die geval sowel as die navorser) uit die studie te hou. Beide se waardes hou onderling verband met mekaar en dit vorm saam die ontdekkings wat gemaak is. Omdat hulle nie van hulle menslikheid kan ontsnap nie, beïnvloed beide die navorser en die geval die uitkoms van die studie (Merriam, 1998:4, 22; Maykut & Morehouse, 1994:11-13; Guba & Lincoln, 1989:88; Neuman, 1997:332).

5.3 Steekproeftrekking (“sampling”)

Ek het in hierdie studie van doelbewuste steekproeftrekking gebruik gemaak. Die persoon wat gekies is vir hierdie navorsing, is as kind getipeer as 'n leergestremde en het sy laaste vyf skooljare in spesiale onderwys voltooi. Hy is 'n tipiese voorbeeld van iemand wat 'n sukses gemaak het van sy lewe, ten spyte van sy leergestremdheid (Patton, 1990:173; Maykut & Morehouse, 1994:56; Weiss, 1994:32). Hy kan dus gesien word as 'n geval wat ryk is aan informasie (Maykut & Morehouse, 1994:65; Weiss, 1994-17; Merriam, 1998:62; Patton, 1990:169).

Tydens kwalitatiewe navorsing word steekproeftrekkings op klein skaal en met 'n vooropgestelde doel gedoen. Dit is in teenstelling met kwantitatiewe navorsing (Maykut & Morehouse, 1994:65). Die navorser wou ontdek, verstaan en insig verkry oor die lewe van die persoon wat nagevors is. Om dit te kan doen, moes 'n geval geselekteer word wat hierdie inligting kan verskaf. Baie tyd is saam met die deelnemer bestee sodat die konteks waarin dinge gebeur het, verstaan kon word (Merriam, 1998:8, 61; Weiss, 1994:57; Patton, 1990:13).

5.4 Kwalitatiewe data-insamelingsmetode:

5.4.1 Gevallestudie formaat (“case study format”)

Die gevallestudie is gebruik as formaat vir die uitvoering van hierdie navorsing. Volgens Merriam (1998:19) word 'n gevallestudie gebruik *“...to gain an in-depth understanding of the situation and meaning of those involved”*. Soos vermeld, was die doel van hierdie studie om die deelnemer se situasie, belewings en die

konteks waarin hy homself bevind, te probeer verstaan (Merriam, 1998:18-19, 65; Patton, 1990:278).

5.4.2 Onderhoude

Tydens onderhoudvoering poog enige navorser om meer oor die deelnemers se ondervindinge, houdings, gevoelens en begrip van 'n situasie te leer (Maykut & Morehouse, 1994:24,80; Merriam, 1998:71; Patton, 1990:278). Dit kan gedoen word deur 'n baie informele gesprek, of deur meer gestruktureerde vrae. Laasgenoemde word gedoen wanneer daar na spesifieke onderwerpe gekyk word. Deelnemers gee gewoonlik hulle toestemming om deel te neem aan 'n onderhoud en gee sodoende aan die navorser geleentheid om meer te leer oor 'n spesifieke verskynsel (Maykut & Morehouse, 1994: 79-80).

Vir hierdie studie is indiepte onderhoude gevoer. Dit was vir my baie belangrik om 'n vertrouensverhouding met die geval op te bou sodat hy sy gedagtes en gevoelens vrymoedig met my kon deel. Dit was belangrik om die vrae só te stel dat hy my so volledig as moontlik sou antwoord. Sy antwoorde het bepaal hoe die volgende vrae gestel is (Maykut & Morehouse, 1994:81; Merriam, 1998:23).

Voordat met die onderhoude begin is, het ek eers informele gesprekke met die geval gevoer om hierdie vertrouensverhouding te ontwikkel. Drie onderhoude van ongeveer drie ure elk is gevoer. Dit was belangrik om sulke lang onderhoude te voer, sodat daar werklik 'n vertrouensverhouding tussen ons bewerkstellig kon word (Maykut & Morehouse, 1994:80; Patton, 1990:11). Die onderhoude is op band opgeneem en is daarna getranskribeer (Neuman, 1997:327; Maykut & Morehouse, 1994:127; Merriam, 1998:87).

Die onderhoude het by my huis plaasgevind - dit was sy keuse. Tydens die eerste onderhoud het ek doelbewus vir Willem op 'n stoel laat sit, terwyl ek op die

vloer gesit het. Daar was 'n onuitgesproke magsverskuiwing sodat hy op sy gemak moes voel (Maykut & Morehouse, 1994:99). Ek het tydens die eerste onderhoud grootliks gefokus op sy skooljare, omdat ek graag wou weet waarom hy as leergestremd geklassifiseer is. Dit was duidelik dat hy nie baie graag oor sy laerskooljare wou praat nie. Sy antwoorde was kort en hy het baie sag gepraat. Hy het ook baie maklik van die punt afgedwaal en liewer oor sy werk begin praat. Dit was vir my nodig om weer doelbewus 'n vraag te stel om hom te laat fokus op sy skooljare.

My eerste versoek aan hom was dat hy sy skooljare aan my moes beskryf. Hy het gesê dat hy bietjie gesukkel het met lees en skryf; dat die skool hom geleer het dat niemand jou geleerdheid van jou kan wegvat nie; dat dit belangrik is om jou werk te behou; dat die spesiale skool hom gehelp het om sy talente te ontdek en dat hy nie die helfte sou gewees het wat hy vandag is sonder die rol wat die spesiale skool in sy lewe gespeel het nie. Hierdie enkele antwoord het aanleiding gegee tot baie vrae wat later in die onderhoud sou volg. Verdere onderhoude en die data analise wat later gevolg het, het aangetoon dat hierdie onderwerpe die belangrikste rol in sy lewe gespeel het.

Aanvanklik het hy nie maklik oor sy lees- en skryfprobleem gepraat nie. Ek het egter die gesprek laat terugdraai na hierdie onderwerp wanneer die geleentheid hom voorgedoen het. Dit was soms vir Willem moeilik om homself goed uit te druk wanneer hy vrae beantwoord het. Hy was aanvanklik ook 'n bietjie gespanne. Soos wat die onderhoud gevorder het, het hy meer op sy gemak geraak. Eers teen die einde van die drie-uur lange onderhoud, het hy meer breedvoerige antwoorde oor sy lees- en skryfprobleem gegee. Hy sê byvoorbeeld dat hy spyt is dat hy nie meer aandag daaraan gegee het nie. Aan die begin van die gesprek wou hy die skuld op die onderwysers plaas, deur te sê dat hulle nie genoeg moeite gedoen het om hom te leer om beter te lees en skryf nie. Aan die einde van die onderhoud konfronteer ek hom weer met sy stelling en hy erken dat hy so geredeneer het omdat hy'n kind was. Hy het nie genoeg belanggestel om regtig hard te probeer om beter te leer lees en skryf nie.

Tydens die onderhoude, het sy antwoorde op my vrae my gelei om die volgende vraag te stel. Wanneer hy byvoorbeeld sê dat sy onderwysers hom baie gehelp het en dat mnr. Badenhorst hom baie selfvertroue gegee het, vra ek: "Wat het hy gedoen dat jy meer selfvertroue gekry het?" Sy antwoord was dan 'n in-diepte bespreking van wat die onderwyser alles gedoen het om aan hom meer selfvertroue te gee.

Terwyl ek die onderhoude gevoer het, was ek nooit tevrede met slegs 'n kort antwoord nie. Elke antwoord het my gelei om weer 'n vraag te vra sodat hy aan my moes beskryf hoekom hy so gesê of geredeneer het.

Met die aanvang van die tweede onderhoud wat 'n week later plaasgevind het, het die gesprek begin met sy ondervinding by die kollege waar hy die teoretiese eksamen as vakleerling moes aflê. Hy was duidelik baie meer ontspanne en sy antwoorde was baie meer volledig en duideliker as tydens die eerste onderhoud. Hy praat baie gemakliker oor sy lees- en skryfprobleem, wat ook hier weer 'n groot rol gespeel het. Hy verduidelik breedvoerig wat hy moes doen om sy teoretiese eksamen te kon slaag. Tydens hierdie onderhoud fokus ek die vrae meer op sy werk. Sy antwoorde kom maklik, by tye bespreek hy in detail hoe hy sy werk doen. Weereens laat ek toe dat sy antwoorde my lei om die volgende vrae te vra. Tydens hierdie onderhoud vertel hy my selfs van mislukte verhoudings van die verlede en hoe gelukkig hy tans getroud is.

Voordat ek die derde en laaste onderhoud voer, het ek eers die vorige twee getranskribeerde onderhoude 'n paar keer deurgelees en aantekeninge gemaak. Daar het twee weke daarna verloop voordat ek die laaste onderhoud gevoer het. Tydens hierdie onderhoud maak ek dan seker dat ek die antwoorde reg verstaan het deur weer op onderwerpe te fokus wat reeds bespreek is. Wanneer die eerste onderhoud met die laaste een vergelyk word, kan daar duidelik gesien word dat Willem nie meer aanmoediging nodig gehad het om te praat nie. My vrae was kort en hy het lang beskrywende antwoorde gegee. Baie van hierdie antwoorde was 'n bevestiging van wat alreeds voorheen gesê is. Tydens hierdie onderhoud

is dit duidelik dat hy graag wil hê dat ek die omvang van sy sukses by die werk moes besef. Hy het in die fynste besonderhede probeer om aan my, die leek, te verduidelik hoe hy 'n opgefrommelde motor weer herstel sodat 'n mens nie kan sien dat daar aan die motor gewerk is nie. Hy is duidelik baie trots op sy werk. Hy praat ook meer gemaklik oor sy leergestremdheid en die rol wat dit in sy lewe speel. Tydens hierdie onderhoud is Willem baie ontspanne. Hy lag makliker, maak grappe met my en praat glad nie meer onsamehangend nie. Sy antwoorde is duidelik en hy weet wat hy wil sê. Dit wil ook vir my voorkom asof hy baie trots is op homself omdat ek juis vir hom gekies het as my gevallestudie.

5.5 Data-analise

Wanneer kwalitatiewe data ontleed word, soek die navorser na patrone wat lig werp op die navorsingsprobleem (Merriam, 1998:159; Patton, 1990:390; Maykut & Morehouse, 1994:121, 126; Neuman, 1997:331). Hierdie patrone lewer aan die navorser 'n intieme kennis van die geval se lewe soos wat dit in konteks plaasvind (Maykut & Morehouse, 1984:13; Neuman, 1997:331, 420). Data is in hierdie studie ontleed deur van die konstante vergelykende proses gebruik te maak. Hoe die data volgens hierdie metode ontleed is, word vervolgens bespreek deur die beligting van die stappe wat gevolg is.

5.5.1 Data-analise proses

5.5.1.1 Transkribering van onderhoude:

Na die afloop van elke onderhoud, het ek die onderhoude woord vir woord getranskribeer. Hierdie getranskribeerde onderhoude het gedien as die belangrikste databasis vir analise (Merriam, 1998:88). Bo-aan elke bladsy van die

onderhoude, is die bladsye genommer: Onderhoudl / b1s. 1, ensovoorts. Dit was belangrik om die bladsye so te nommer dat inligting weer maklik gevind kan word deur net na die verwysingsnommer toe terug te gaan (Merriam, 1998:90). Daarna het ek drie afskrifte van elke onderhoud gemaak om te gebruik in die data-analise proses (Maykut & Morehouse, 1994:101, 128).

Uittreksels van die onderhoude verskyn in Bylae A. Die gedeelte wat met 'n V: begin, is die vraag wat deur my gevra is, en A: is die antwoord wat deur Willem gegee is.

5.5.1.2 Kodering van onderhoude:

Elke onderhoud is, nadat dit getranskribeer is, verskeie kere deurgelees om aan my 'n geheelbeeld te gee. Voorlopige kategorieë is geïdentifiseer, sonder dat 'n gedetailleerde analise gedoen is. Daarna het ek die data opgebreek in data-eenhede. Dit is gedoen deur elke sin of gedeelte van die teks wat onafhanklik kan bestaan en wat verband hou met my navorsingsfokus, te merk. Elke data-eenheid is gemerk deur vertikale lyne met 'n potlood te trek en dan die kode langsaan te skryf (Maykut & Morehouse, 1994:129). Alles wat op een bladsy staan is só genommer: Onderhoud 1/ bladsy 1, of kortliks 1 / 1, 1 / 2, 1 / 3, ensovoorts. Kodering is so eenvoudig as moontlik gehou (Maykut & Morehouse, 1994:127; Merriam, 1998:164; Weiss, 1994:153; Neuman, 1997:423).

Dit is hier belangrik om te noem dat elke onderhoud getranskribeer en ontleed is, voordat die volgende onderhoud plaasgevind het. Dit het gehelp om die onderhoude gefokus te hou op die veld van studie, naamlik waarom 'n leergestremde volwassene 'n sukses maak van sy lewe, ten spyte van sy gestremdheid (Merriam, 1998:162).

5.5.1.3 Plaas van data in voorlopige kategorieë:

Ek het elke eenheid van data wat geïdentifiseer is, uitgeknip (Maykut & Morehouse, 1994:129-130). Daarna het ek die data weer deurgelees. Hierdie proses was nodig om woorde, onderwerpe of konsepte wat herhaal word, te identifiseer. Temas en patrone het hieruit te voorskyn gekom wat my toegelaat het om die data in voorlopige kategorieë te plaas, sonder dat 'n gedetailleerde analise gedoen is (Maykut & Morehouse, 1994:133).

Die voorlopige kategorieë se name is elkeen bo-aan 'n skoon vel papier geskryf wat teen 'n muur opgeplak is. Die data-eenhede wat by elke kategorie pas, is op die regte plek geplak (Maykut & Morehouse, 1994:135).

Tydens hierdie proses was daar geleentheid vir verfyning van kategorieë. Al die data wat in een kategorie geplaas is, het bymekaar gepas. Indien daar data was wat nie in bestaande kategorieë ingepas het nie, is nuwe voorlopige kategorieë geskep (Maykut & Morehouse, 1994:134).

5.5.1.4 Die skryf van reëls vir insluiting (“rules of inclusion”):

Hierdie reëls ontsluit die betekenis van die inhoud van al die data in elke spesifieke kategorie. Hierdie stap het gelei tot die "ontdekking" van die gevoigtrekking van die navorsing (Maykut & Morehouse, 1994:139).

Enige data wat nie by die reël van insluiting gepas het nie, is in 'n ander kategorie geplaas, totdat al die kategorieë so verfyn is.

5.5.1.5 Diagram:

In figuur 1 is 'n opsomming van die data-analise in die vorm van 'n diagram. Dit het so te voorskyn gekom nadat kategorieë verfyn is deur die reëls van insluiting te skryf. Ek het 'n groot karton op die muur geplak en die kategorieë gebruik om die geval se lewensverhaal te skryf. In elke fase van sy lewe, het dit wat van belang was, na vore gekom. Deur die diagram te teken, kon ek sien watter dinge mekaar beïnvloed het in sy lewe en watter verwantskappe daar bestaan.


Op hierdie manier is data gereduseer tot dit wat essensieel was om tot 'n gevolgtrekking te kom. Hierdie data-analise proses het die faktore uitgewys wat bygedra het tot die geval se sukses as volwassene, ten spyte van sy leergestremdheid.

5.6 Etiese oorwegings

Voordat met die onderhoude begin is, het die geval wat ondersoek is, sy toestemming gegee dat sy naam gebruik kan word. Ek het hom ook deeglik ingelig oor die doel van my ondersoek. Hy het vrywillig deelgeneem aan die navorsingsproses.

Die vrae wat gevra is tydens die onderhoud was oop en die deelnemer kon dit beantwoord soos wat hy wou. Dit was vir my as navorser belangrik om nie afbrekende vrae te vra nie, maar vrae wat hy graag sou wou antwoord. Vrae wat gegaan het oor sy werksukses het gehelp om sy selfvertroue te verbeter. Vrae oor sy leergestremdheid, is aanvanklik huiwerig beantwoord, maar, soos die onderhoud gevorder het, het hy dit makliker beantwoord (Merriam, 1998:214). Dit was egter vir my as navorser belangrik om te onthou dat dit 'n data-insamelingsproses is en nie 'n geleentheid om die deelnemer te verander nie (Neuman, 1997:354).

Figuur 1. Diagram van data analyse



6. BEVINDINGE VAN STUDIE

6.1 Inleiding

In hierdie eerste gedeelte van die bevindinge van die studie, gaan ek eerstens 'n ryk beskrywing gee van die geval wat nagevors is. Hierdie beskrywing beeld die verloop van Willem se lewe uit. Ek gaan eerstens begin met sy laerskooljare en dan volg met die vyf jaar wat hy in 'n spesiale skool was. Daarna gaan ek konsentreer op sy werksituasie en die daarmee gepaardgaande opleiding wat hy ontvang het as vakleerling. Sy gedeeltelike opleiding wat hy ontvang het by die kollege, word ook hier bespreek. Hierdie bespreking eindig dan met Willem se huidige lewensomstandighede.

Die tweede gedeelte fokus op die bespreking van die bevindinge van hierdie studie.



6.2 Beskrywing van die geval

6.2.1 Biografiese agtergrond van geval:

Willem is 25 jaar oud en getroud met Antoinette. Hulle het saam 'n meenthuis gekoop wat naby aan hulle albei se werke geleë is. Willem het totdat hy getroud is, by sy ouers gewoon. Willem is tans 'n gekwalifiseerde duikklopper.

Willem is vanaf Graad 3 in 'n spesiale klas geplaas, as gevolg van sy leergestremdheid. Hy het veral gesukkel met lees en skryf, sowel as Wiskunde. Nadat hy sy laerskoolopleiding voltooi het, is hy oorgeplaas na Spesiale Onderwys.

6.2.2 Verloop van Willem se lewe

6.2.2.1 Laerskooljare

Willem se laerskooljare word vandag deur hom onthou as 'n tyd waarin hy nie baie goed oor homself gevoel het nie. Hy het gesukkel om te lees en skryf en was ongelukkig daarvoor. Hy kon nie verstaan waarom hy anders as die ander kinders in die klas moes wees nie. Hy sê: *"... 'n ou voel maar wat is fout met my want die ander kinders het nie 'n probleem daarmee nie, hoekom moet ek 'n probleem hê daarmee"*. Hy het dom gevoel omdat hy so gesukkel het met lees en skryf. Kinders het hom gespot en 'n gevoel van onwaardigheid het by hom ontstaan. Hy het ook in opstand gekom oor sy leergestremdheid. Dit was egter hier nog vir hom moontlik om sy leergestremdheid vir ander kinders weg te steek, omdat dit nie nodig was om te sê dat hy in die spesiale klas is nie. Aan die einde van sy laerskooljare, is hy oorgeplaas na 'n spesiale skool.

Tydens die onderhoude wat met Willem gevoer is, was dit duidelik dat hy nie graag oor sy laerskooljare wou praat nie. Hy het vinnig geantwoord en dan die onderwerp verander om oor sy werk te praat. Dit was ook opmerklik dat hy baie sagter gepraat het wanneer hy oor sy lees- en skryfprobleem gepraat het.

6.2.2.2 Spesiale skool

Met Willem se oorplasing na die spesiale skool, was al die negatiewe gevoelens wat hy in die laerskool ervaar het, nog steeds met hom. Hy was baie bang en onseker omdat hy nie meer saam met sy maats in die skool sou wees nie. Hy was baie opstandig oor sy oorplasing na die spesiale skool. Hy het geglo net dom kinders gaan na so 'n skool en is ook deur ander kinders gespot daarvoor. Dit het ook gemaak dat hy dom gevoel het tussen ander kinders - hy wou so graag soos hulle wees.

Vandag beseft Willem dat hy so geredeneer het omdat hy nog 'n kind was. Tydens die derde en laaste onderhoud met Willem, het hy erken dat hy, nou dat 'n grootmens is soos volg dink:

" Vandag, nou vandag kyk ek terug op van die kinders wat saam met my was wat vir my soos standbeelde was - na wie ek opgekyk het. Nou kyk ek na hulle en wat van hulle geword het vandat hulle in die skool was. Wat het hulle bereik in die lewe en wat het ek bereik in my lewe? Dan beseft ek dit was onnodig om van daardie standpunt uit te gaan van ek wil soos daardie een wees".

❖ **Aanvaar leergestremdheid**

Die keerpunt in Willem se skoolloopbaan het gekom toe hy sy leergestremdheid aanvaar en erken het. Hierdie erkenning was die toedoen van veral een onderwyser wat vir Willem daarop gewys het dat God almal verskillend gemaak het. Hy het vir Willem geleer dat elke mens sy eie talente moet ontwikkel en nie soos ander mense moet probeer wees nie. Synde 'n gelowige mens, het dit vir 'n draaipunt in Willem se lewe gesorg.

Dit is duidelik dat Willem verlig was om sy leergestremdheid openbaar te maak. Hy was selfs bereid om vriendskapsbande te breek, indien sy vriende hom nie sou aanvaar soos wat hy is nie. Hy sê: *"Die Here het my gemaak hoe ek is, wie is ek om my anderste te wil maak".*

❖ **Ontdek handvaardigheid**

In die sweiswerkswinkel het Willem se onderwyser hom die geleentheid gegee om sy handvaardighede te ontdek. Willem kon sien en beleef dat hy baie goed was met sy hande. Hy het homself aanvaar soos hy is toe hy sy sterk punte begin raaksien. Vir die eerste keer in sy lewe, het Willem positief oor homself begin voel. Hy sê: *"My onderwysers het my baie, baie gehelp. Verally mnr. Badenhorst. Hy het my baie selfvertroue gegee. Hy het my talente raakgesien en my gehelp om my talente te gebruik".*

Wanneer daar aan hom gevra word wat vir hom die meeste in die skool beteken het, antwoord hy: *"Ek sal sê wat ek die meeste geniet het op skool was om te kan werk met my hande"*.

Met die ontdekking van sy talent om dinge met sy hande te kan doen, was hy baie dankbaar teenoor God wat aan hom hierdie talent geskenk het. Hy was veral dankbaar dat God aan hom die wysheid gegee het om hierdie talent raak te sien en te gebruik. Hy het besluit om nie meer skaam te wees vir homself nie. Hy sê: *"Die Here maak 'n mens so. Hy maak jou soos wat Hy wil hê jy in die lewe moet wees"*. As antwoord op my vraag of hy tevrede is soos wat hy is, sê hy: *"Wel die Here het my gemaak hoe ek is, so, wie is ek om my anderste te wil maak"*.

Hierdie selfkennis het vir Willem selfvertroue gegee en hy was ook gemotiveerd om 'n sukses van sy lewe te maak. Hier wil ek sy eie woorde aanhaal: *"Ek sal vir almal wys, al kom ek uit 'n spesiale skool, ek sal 'n sukses van my lewe maak"*.

Willem het baie hard gewerk in die sweiswerkswinkel omdat hy dit geniet het om met sy hande te werk. Hy sê dat hy in die skool geleer het om netjies te werk en dat 'n mens trots moet wees op jou werk. Omdat hy suksesvol was, het dit as motivering gedien om die beste in die klas te wil wees.

Tydens die onderhoude met Willem, het hy telkens weer terugverwys na die skool en veral die rol wat mnr. Badenhorst in sy lewe gespeel het. Alhoewel hy reeds van kleins af byvoorbeeld 'n hamer goed kon hanteer, het hy eers in die sweiswerkswinkel sy handvaardigheid ontdek. Hy sê: *" as ek nie na die spesiale skool toe gegaan het nie, sou ek seker nie die helfte gewees het wat ek vandag is nie"*. Hy was veral die laaste drie jaar in die skool baie gelukkig.

Tydens die onderhoude, wanneer Willem versoek word om homself te beskryf, sê hy: *"Ek is baie goed met my hande"*.

❖ Selfvertroue ontwikkel

Die onderwyser het Willem se entoesiasme raakgesien en aan hom die geleentheid gebied om sy vaardighede te ontwikkel. Hy het vir Willem klein werkies gegee wat hy tuis kon doen. Later het hy Willem vertrou met groter take. Willem het die geleentheid gekry om, onder die onderwyser se leiding, veiligheidshekke en diefwering te maak. Hy het hom geleer hoe om die afmetings te neem, hoeveel materiaal aangekoop moes word, en veral hoe om met geld te werk. Sodoende, was Willem blootgestel aan die privaatsektor. Hy kon die vaardighede wat hy in die skool geleer het, toepas in die wêreld daarbuite. Met die geld wat hy verdien het, het hy toerusting aangekoop om sy werk vir hom makliker te maak.

Willem beskryf hierdie blootstelling aan die privaatsektor as die grootste bydraende faktor tot die ontwikkeling van sy selfvertroue en sy huidige sukses. Hy was baie bewus van die feit dat hy werk van hoogstaande gehalte moes lewer - wanneer iemand vir arbeid betaal, verwag hy dat dit goed gedoen moet word.

❖ Lees en skryf

Alhoewel dit goed gegaan het met Willem in die sweiswerkswinkel, het sy lees- en skryfprobleem nog voortgeduur. Hy het veral gesukkel met Engels omdat hy dit omtrent glad nie kon praat nie. Hy erken vandag dat hy nie baie belang gestel het om sy skryf- en leesvermoë te verbeter nie, juis omdat hy daarmee gesukkel het. Hy sê: "*..as 'n ou sukkel in iets, dan is jy geneig om handdoek in te gooi en te sê, nee, ek kan dit nie doen nie, so waarom moet ek my tyd mors*". Nadat hy sy handvaardigheid ontdek het, het hy gedink dat lees en skryf 'n mors van tyd is. Hy het nie gedink hy sal dit ooit nodig kry as hy 'n beroep kies waar hy met sy hande werk nie. Hy sê "*Jy gaan mos nie lees hoe om te sweis nie, jy weet hoe om te sweis*".

Willem het na skool ingeskryf vir die N1-kursus by 'n kollege. By die kollege het hy besef dat hy nie sy kwalifikasie kan kry sonder dat hy kan lees en skryf nie. Sy houding het toe verander en hy was baie spyt dat hy nie op skool meer moeite gedoen het om te leer lees en skryf nie.

Dit het tydens die onderhoude duidelik geword dat hierdie gestremdheid 'n baie groot rol in Willem se lewe speel. Dit was interessant om te sien hoe hy telkens die onderwerp verander as hy vrae gevra word oor sy lees- en skryfvermoë. Hy het daarvoor gepraat, maar het baie makliker oor sy werk gepraat waarin hy duidelik baie meer suksesvol is. Daaruit maak ek die afleiding dat hy die vaardigheid bemeester het om op sy sterk eienskappe te konsentreer en sy swak eienskappe te aanvaar.

6.2.2.3 Eerste werk

Met die skool se hulp, is Willem na skool aangestel in 'n pos as algemene assistent in 'n pas-en-draai werkswinkel. *"Ek was maar net daar om te help. Om hier vas te hou en daar aan te gee, skoonmaak, vloere vee, en dit was al wat ek moes gedoen het"*. Hy het geglo dat hy baie harder as ander mense moes werk as gevolg van die feit dat hy uit 'n spesiale skool kom. Hy het geglo hy het 'n agterstand by ander kinders wat hulle opleiding in die gewone skool voltooi het. Hy het geglo hy moet homself bewys. Hy was tevrede om vir 'n lae salaris te werk, *"...omdat ek geweet het ek kom uit 'n spesiale skool uit en ek gaan nie maklik werk kry nie, het ek dit gedoen totdat ek iets beter kon kry"*.

❖ Handvaardigheid

Sy vaardighede is deur sy werkgewer ontdek en hy is gou ingespan om sweiswerk te doen. By hierdie eerste aanstelling het Willem reeds besef dat hy leer deur na ander mense te kyk en hulle na te volg. Hy het geglo dat hy dom is

totdat hy gesien het dat hy dinge met sy hande kan maak wat net as 'n prentjie in sy brein bestaan. Hy was bereid om enigiets met sy hande te doen, al was dit onbekend vir hom.

❖ **Deursettingsvermoë**

Sy werkgewer was iemand wat baie presies en netjies gewerk het. Hierdie eienskappe het Willem alreeds op skool aangeleer. Nou het hy die geleentheid gehad om dit verder te verfyn. Wanneer hy iets moes maak en dit was nie perfek nie, het sy werkgewer geëis dat hy dit oordoen. Dit het ook vir Willem deursettingsvermoë gegee sodat hy kon aanhou totdat hy dit regkry. Hy sê dat hy baie geduld het en nie gou moed opgee nie.

❖ **Ondervinding verbeter selfvertroue**

Willem se doel was om baie hard te werk sodat hy meer ondervinding kon kry en dus beter in sy werk kon wees. Met meer ondervinding het sy selfvertroue ook toegeneem.

Soos wat Willem se selfvertroue verbeter het, was hy meer gedetermineerd om as vakman te kwalifiseer. Op skool het hy geleer dat niemand sy geleerdheid van hom kan wegneem nie. Ongelukkig is hy by hierdie maatskappy nie die geleentheid gebied om verder te vorder nie.

Tydens die onderhoud het Willem aan my gesê dat hy nog altyd vir homself doelwitte gestel het en hulle ook bereik het. Reeds by hierdie eerste werk, het hy elke taak wat aan hom opgedra is, as 'n uitdaging beskou. Hy sê: *"Hulle het altyd vir my goed gegee om te doen, en ek het dit gevat as 'n uitdaging, om te sien of ek dit kan doen en hoe goed"*. Hy het na drie jaar besef dat hierdie maatskappy hom nie as vakleerling gaan inskryf nie. Daar was vir hom nie meer uitdagings by hierdie werk nie. Gelukkig het daar 'n ander geleentheid opgeduik.

6.2.2.4 Vakleerling

Met sy pa se hulp en voorspraak, word Willem die geleentheid gebied by 'n ander maatskappy as 'n duikklop-vakleerling in te skryf. Voordat hy ingeneem is as vakkleerling, moes hy eers 'n aanlegtoets gaan skryf. Hy sê: *"Ek weet nie of hulle almal so stuur nie, maar hy het van my geëis om te gaan, miskien omdat ek uit 'n spesiale skool kom"*. Hy het dit geslaag. Die nuwe aanstelling maak Willem bang en onseker omdat hy nog nooit voorheen duikklopwerk gedoen het nie. Sy determinasie om 'n kwalifikasie te kry is egter sterker as sy vrese. Hy was bereid om enigiets te doen, as hy net 'n kwalifikasie agter sy naam kon skryf. Hy sê *"Een ding wat ek nooit sal vergeet wat hulle vir my in die skool geleer het nie was jou geleerdheid kan niemand van jou wegvat nie. My mikpunt in die lewe was om papiere te kry. Sonder papiere is jy niks"*.

❖ Opperings

Hierdie verandering van werk sou 'n paar offerings van hom vra. Hy sou tevrede moes wees om vir 'n baie laer salaris te werk en hy moes 'n hele nuwe vakrigting inslaan. Met sy ouers se ondersteuning, was hy bereid om hierdie verandering te maak.

❖ Mentor

Willem word onder die bekwame leiding van 'n ambagsman in die nuwe rigting ingelyf. Hy beskou homself as baie gelukkig omdat hy, as protégé, by so 'n goeie mentor kon leer.

Tydens die onderhoude het Willem telkens weer terugverwys na die rol wat sy mentor gespeel het om by te dra tot sy sukses vandag. Willem het begin vanaf 'n posisie waar hy niks van duikklop geweet het nie. Hy sê: *"Toe ek daar begin het, my geluk, toe het ek 'n baie goeie ambagsman gehad. Baie, baie goed. Hy was een van die beste ouens in die ambag. Hy het my baie, baie geleer. Onthou ek*

het niks geweet nie, niks, niks nie, en drie maande toe doen ek al duike op my eie kar". Dit was vir sy mentor noodsaaklik dat Willem by die begin moes begin en alles stap vir stap moes leer. Wanneer Willem oorhaastig geraak het, het hy hom teruggehou met die woorde: "... 'n baba kruip eers voordat hy loop...".

Omdat hierdie opleiding op 'n een tot een basis geskied het, kon sy mentor baie aandag aan hom gee. Willem kon aan die einde van sy eerste jaar van opleiding alreeds dinge doen wat ander vakleerlinge eers na drie jaar kan doen. Hy sê dit was: *"net omdat ek wou geleer het"*. Onder sy mentor se bekwame leiding het Willem geleentheid gekry om sy vaardighede te ontwikkel en te verfyn. *"Daardie tyd wat ek saam met hom gewerk het, het hy baie aandag aan my gegee"* Hy het baie respek vir sy mentor en sê dat hy 'n goeie mens met 'n goeie hart is. Hy gee aan sy mentor erkenning vir sy huidige sukses as duikklopper. Willem sê sy mentor het hom geleer om baie hard te werk, al was dit vir so 'n lae salaris. Sy mentor het ook vir hom as voorbeeld gedien. Hy sê: *"ek glo nie eers ek kan so hard werk soos wat daai ou (mentor) gewerk het nie"*.

Wanneer Willem moedeloos geraak het oor die lae salaris wat hy verdien het, het sy mentor hom gemotiveer deur te sê dat hy eendag beloon sou word vir sy harde werk. Willem dink veral vandag terug aan daardie woorde wanneer hy sê dat sy salaris nou hoër is as ander mense van sy ouderdom met dieselfde kwalifikasies as hy.

6.2.2.5 Kollege

Om as vakman te kan kwalifiseer, moet die vakleerling jaarliks vir 10 weke kollege toe gaan waar 'n teoretiese eksamen afgelê word. Volgens Willem het hy onder aaklige omstandighede in 'n hostel gebly. Tog was hy gedetermineerd om te slaag, ten spyte van die omstandighede.

Willem se probleem met lees en skryf het hier weer 'n groot rol gespeel. Om sy probleem te oorkom, het hy elke middag na klas die werk geleer wat daardie dag behandel is.

Hy het baie gesukkel om die langvrae te lees en veral te leer. Hy sê: *"Dit was moeilik. Ek het ook gesukkel met die lesery, maar ek het net gaan sit en dit gelees en dit uitgeskryf. Ek het dit baie uitgeskryf, ek het boeke vol geskryf om dit te leer"*. Ek was baie verbaas omdat hy vroeër duidelik laat blyk het dat hy nie van lees en skryf hou nie. Sy antwoord was: *"Ja, ek kan lees, as ek wil! Terwyl ek op skool was, wou ek nie lees nie"*.

Hy sê dat hy baie stadiger as ander mense lees en skryf. Hy kon egter die feite makliker verstaan en onthou omdat: *"...alles wat daarso staan het ek al basies gedoen"*. Die teorie het dus aangesluit by die prakties wat hy daagliks gedoen het. Hierdie teorie is ook in Afrikaans aangebied wat hy kan lees en skryf. Hy kan glad nie in Engels skryf nie, wel 'n bietjie lees.

Sy harde werk en deursettingsvermoë het vrugte afgewerp en hy het sy eerste jaar met lof geslaag. Hierdie prestasie het vir Willem baie selfvertroue gegee en dit het gedien as groot motivering om sy opleiding te voltooi. Hy sê hy het kollege toe gegaan om te slaag, die onderskeiding was 'n bonus.

Reeds na sy eerste jaar as duikklop-vakleerling, het Willem se harde werk en deursettingsvermoë vrugte afgewerp. Hy kon reeds werk doen wat ander vakleerlinge eers na drie jaar kon doen. Hy het elke nuwe taak as 'n uitdaging aanvaar en teen ander mense begin kompeteer. Elke nuwe opdrag was vir hom 'n uitdaging om te sien of hy dit kon doen en, belangriker, hoe goed hy dit kon doen. Hy sê deur aan homself uitdagings te stel, het hy sy werk vir hom interessant gemaak.

Sy suksesse by die werk het as motivering gedien om sy tweede jaar in die kollege met goeie moed aan te pak. Sy lees- en skryfprobleem het hier weer baie sterk na die oppervlak gekom. Hy was egter gedetermineerd om weer 'n sukses daarvan te maak. Weereens het hy baie hard gewerk, soos die vorige jaar. Weereens het hy geslaag, ten spyte van sy leergestremdheid.

Na vier jaar van opleiding, slaag Willem sy finale vakleerlingeksamen met lof. Tydens 'n onderhoud vra ek vir Willem of dit iets aan sy selfvertroue gedoen het. Hy antwoord: *"Baie, dit het vir my baie, baie, baie beteken"*.

Willem is vandag baie trots op homself omdat hy die gawe om met sy hande te werk, ontwikkel het. Dit het bygedra tot sy sukses vandag. Hy respekteer die bydrae wat sy ouers en mentors gemaak het sodat hy as vakman kon kwalifiseer. Bo alles, is hy dankbaar dat sy Skepper hom die talent gegee het om met sy hande te werk.

Ek sien Willem se deursettingsvermoë as die belangrikste persoonlike eienskap wat bygedra het tot sy sukses. Die aanvaarding van sy leergestremdheid en die daaropvolgende erkenning van sy handvaardigheid, was die volgende bydraende faktor. Die feit dat hy, ten spyte van sy leergestremdheid, bereid was om hard te werk om sy doel te bereik, is werklik prysenswaardig. Omdat hy op sy sterk eienskappe gefokus en dit verbeter het, kon hy kwalifiseer as duikklopper.



6.2.2.6 Willem se lewe tans

Nadat Willem gekwalifiseer het as 'n vakman, het hy aansoek gedoen om 'n ander werk. Omdat hy meestal net aan vragmotors gewerk het, was daar nie meer vir hom uitdagings by sy huidige werk nie. Vir hom was dit belangrik dat hy in sy beroep geleentheid gebied moet word om te ontwikkel. Hy sê: *"As ek werk vir 'n plek waar hulle my in 'n hoek indruk, waar hulle my nie toelaat om myself te ontwikkel nie, dan kyk ek vir 'n ander werk"*. Hy wou nie net op vragmotors werk nie, want *"... 'n trok-panelbeater is 'n slórdige panelbeater"*.

Hy het vir homself 'n doelwit gestel om 'n pos te kry waar hy aan nuwe motors kan werk. Hy wou graag: *"... fyn werk, ek wil netjies werk"*. Dit sou weer aan hom uitdagings stel om te vorder in sy beroep. Willem het aansoek gedoen by 'n ander maatskappy sodat hy sy doelwit kan bereik. Sy aansoek was suksesvol en hy is ook 'n hoër salaris aangebied.

Willem se huidige sukses by die werk, kan waarskynlik grootliks toegeskryf word aan die volgende: *"Alles wat ek doen, vat ek aan as 'n uitdaging. As ek 'n kar by die werk inkry om reg te maak, vat ek dit as 'n uitdaging. Dit is wat my werk vir my interessant maak"*. Ook in sy volgende woorde: *"Vir my is elke dag 'n uitdaging"*. Hy neem ook self verantwoordelikheid vir foute wat hy mag begaan. Hy sê dat hy daarvan hou om alleen te werk - dan kan hy nie die skuld vir foute op iemand anders se skouers laai nie.

Willem is baie gelukkig in sy werk omdat hy dit geniet. Hy sê: *"Ja, ek is gelukkig. Dit is vir my lekker om my werk te doen. Dit is soos jy sê, dit inspireer my om dit beter te kan doen. Elke taak wat ek doen wil ek mooier en beter doen en meer perfek probeer kry"*. Hy wil graag hê dat ander mense sy werk moet raaksien en beïndruk wees daarmee. *"As ek 'n ding begin, dan probeer ek dit na die beste van my vermoë doen"*.

Tydens die tweede onderhoud met Willem, vra ek die vraag of hy homself as iemand met deursettingsvermoë beskou. Hy antwoord as volg: *"Ja, ek het baie geduld. Baie geduld - ek gee nie maklik op nie. Ek weet nie waar ek dit geleer het nie, maar ek gee nie op nie. Ek sal aanhou en aanhou en aanhou totdat ek dit regkry"*.

Na jare se ondervinding, weet Willem dat hy die beste leer deur iemand se voorbeeld te volg. Hy sien kans om enigiets met sy hande te doen, maar nog steeds sal hy nie sommer 'n onbekende taak aanpak sonder dat daar iemand is van wie hy kan leer nie. Nadat hy een keer gesien het hoe om iets te doen, sal hy dit alleen aanpak. Hy sê: *"...ek het altyd geweet ek leer deur my oë maar jy het altyd iemand nodig om jou te help om dinge te doen. Jy kan nie net kyk en glo jy kan dit doen nie. Jy moet iemand kry wat jou kan wys hoe om dit te doen en dan sal jy dit kan doen"*. Hy sê dat hy eintlik eers leer wanneer hy dit self oor en oor doen. Met oefening, raak hy dan meer bekwaam.

Tydens ons laaste onderhoud probeer ek uitvind hoeveel Willem gebruik maak van boeke in sy werk. Ek vra aan Willem of hy byvoorbeeld sy motorfiets se ratkas self sal uithaal en regmaak met behulp van 'n boek. Hy sê dat as hy dit nog nooit voorheen gedoen het nie, hy dit nie alleen sal doen as daar nie iemand naby is om hom te help nie. Hy sê hy sal nie die moed hê nie, al het hy 'n boek. Hy sê dat wanneer dit by duikklopwerk kom, het hy die moed om enigiets aan te pak. Hy beskryf in detail hoe hy 'n splinternuwe voertuig wat gerol het, reggemaak het sonder om van nuwe panele gebruik te maak. Hy was die enigste een wat kans gesien het om die panele self reg te maak - iets wat nie normaalweg gedoen word nie. Hy is baie trots op sy werk.

Willem maak eerder van sy handvaardighede as 'n boek gebruik as hy iets wil maak. Hy sê: *"Sê nou ek wil iets bou uit yster, ek sal nie gaan en op papier 'n prentjie, teken nie, ek sit en ek dink dit uit my kop uit. En dan onthou ek dit in my kop, soos ek dit wil maak en dan maak ek dit. Ek het al baie sulke goeters gedoen en dan kom mense by my en sê ek is slim"*. Sy antwoord op my vraag waarin hy goed is, antwoord hy soos volg: *"Ek kan basies enige ding wat jy vir my gee wat ek met my hande moet doen, doen. Gee vir my enige ding en ek sal dit doen"* Hy erken ook dat hy sukkel om telefoonboeke en woordeboeke te gebruik. Hy kan ook nie padkaarte lees nie. Wanneer hy na 'n vreemde plek toe moet gaan, vra hy vir aanwysings soos hy ry.

Dit is duidelik uit Willem se beskrywings dat praktiese intelligensie 'n belangrike bydraende faktor tot sy huidige sukses is. Hy maak onder andere van bestaande kennis en ervaringe gebruik wanneer hy take uitvoer. Ook wanneer hy duikklopwerk doen sê hy: *"Jy moet alles uit jou kop uithaal om daardie ding reg te maak. So, dit is 'n uitdaging. Jy begin op, 'n punt"*. Daarmee bedoel hy dat hy die opgefrommelde motor in sy verbeelding weer heel moet sien.

Tydens ons tweede en derde onderhoud het Willem baie meer in detail oor sy werk gepraat. Hy het van lang verduidelikings gebruik gemaak om aan my te probeer verduidelik hoe hy 'n motor regmaak wat gestamp is. Dit is duidelik uit sy

besprekings, dat hy baie oplettend moet wees en verskillende motors se vorms redelik goed moet ken, om te weet waar om te begin. Hy sê dat hy min of meer altyd dieselfde volgorde volg, maar dat elke motor tog verskillend is. Dit is veral vir hom belangrik om die klant tevrede te stel wanneer hy 'n motor herstel. Hy let veral op die klein dingetjies, byvoorbeeld dat die deure en die enginkap baie mooi toemaak, sonder onnodige groot gapings. Hy sê dat hy baie tyd daaraan spandeer om die gapings so na aan perfek as moontlik te kry. Hy vertel byvoorbeeld hoe 'n nuwe motor wat van die trein afgelaai is, op sy neus beland het. Willem het hierdie motor wat nog nooit eers gery het nie, so mooi reggemaak, dat niemand eers geweet het daar was só 'n ongeluk nie. Hy is baie trots op sy werk en probeer altyd alles so perfek as moontlik doen.

Die leiding wat Willem by sy mentor gekry het, het waarskynlik 'n baie groot rol gespeel in sy sukses vandag. Alhoewel ander duikkloppers kortpaaie kies om die werk vinnig af te handel, werk Willem nog soos wat sy mentor hom geleer het. Hy sê dat hy vandag nog steeds baie respek het vir sy ambagsman wat hom geleer het en dat hy vir hom baie beteken en hom baie gehelp het.

Wanneer ek hom vra om homself te beskryf, sê hy dat hy baie goed is met sy hande en dankbaar is vir sy onderwyser wat aan hom gewys het dat God hom so geskape het. Hy sê: "... *vandat ek besef het wat ek kán doen, het ek meer my gedagtes op dit gesit en verbeter*". Hy glo ook dat die Here hom seën en hom help om sy talente so te gebruik dat ander mense dit kan raaksien. Wanneer hy sukkel met 'n taak, vra hy God se hulp en betoon sy dankbaarheid deur gebed.

Hy het 'n beroep gekies waar hy met sy hande kan werk, omdat dit nie help om iets te probeer wees wat hy nie is nie. Hy is ook trots om te kan sê dat hy baie hard gewerk het om te bereik wat hy wel bereik het. Hy sê: "*As ek so terugsit en kyk wat ek al alles besit: my gereedskap, my huis, my kar, my motorfies, dan kan ek met tróts sê, ek het hárð gewerk. Ek sou sê, sover het ek 'n sukses van my lewe gemaak*". Hy werk baie hard omdat hy daarna strewende om altyd die beste te wees.

Vandag verdien Willem 'n goeie salaris. Hy sê: *"Omdat ek 'n goeie salaris kry, nou moet my werk van goeie kwaliteit wees, want ek moet my salaris werd wees"*. Hy weet dat dit vir hom belangrik is om sy werk te behou, omdat werk skaars is. Tydens die eerste onderhoud was hierdie die eerste onderwerp wat hy gekies het om oor te praat. Hy sê dat hy op skool reeds geleer is om sy werk as belangrik te ag en dat 'n mens hard moet werk om jou werk te behou omdat werk skaars is. Sy salaris dien as motivering om hard te werk, maar hy sê geld is nie alles nie. Dit is vir hom belangriker om gelukkig te wees in sy werk.

Willem het sy leergestremdheid openbaar gemaak by die werk. Hy word soms gevra om kwotasies te doen, maar hy waarsku hulle altyd weer vooraf dat hy nie goed kan spel nie. Hy oorbrug hierdie probleem deur by die tikster te staan wanneer die kwotasies in die rekenaar ingevoer word.

Ongelukkig kan Willem nie verder vorder in sy beroep nie, tensy hy Engels kan lees en skryf nie. Hy sê: *"...ek kan Engels lees, maar ek kan dit amper glad nie skryf nie"*. Bevordering tot voorman in die werkwinkel sal daarvan afhang of hy kwotasies in Engels kan skryf. *"Op die oomblik is dit al wat my terughou om 'n stap hoër te gaan in my werk"*. Willem het nog altyd aan homself doelwitte gestel, en sover het hy almal bereik. Sy volgende doelwit is om Engels te leer lees en skryf. *Ek wil dit graag doen, so eendag sal ek sit en ek sal begin werk daaraan"*. Hy beskou dit as 'n langtermyn doelwit. Vir eers wil hy sy vaardighede as duikklopper verbeter en meer ondervinding opdoen. Hy sê *"...vir die toekoms. Nou is dit nie vir my so noodsaaklik nie. Ek is in elk geval nou nog te jonk om 'n voorman te wees"*. Hy besef ook dat hy nog baie jonk is en dat daar nog baie tyd is om die beroepsleer te klim.

6.3 Bespreking van bevindinge

6.3.1 Inleiding

Na aanleiding van hierdie geval wat ek bespreek het, wil dit voorkom of die faktore wat volg waarskynlik bygedra het tot Willem se sukses as volwassene. Hierdie faktore is: aanvaarding van sy leergestremdheid, konsentrasie op sterk punte, lokus van beheer en die daarmee gepaardgaande deursettingsvermoë, sy ondersteuningsnetwerk, praktiese intelligensie en die ontwikkeling van deskundigheid.

6.3.2 Faktore wat bygedra het tot die geval se sukses:

6.3.2.1 Aanvaarding van leergestremdheid

Na afloop van die data-analise proses, was dit duidelik dat Willem se aanvaarding van sy leergestremdheid, as die draaipunt in sy lewe gesien kan word. Hy het 'n swak selfbeeld gehad omdat hy nie soos die ander kinders op skool kon vorder nie. Hy was skaam daaroor en het alles probeer om sy leergestremdheid vir ander mense weg te steek. Dit het spanning in sy lewe veroorsaak. Volgens die literatuur moet die leergestremde volwassene nie net sy gestremdheid aanvaar nie, maar ook leer om daarmee saam te leef, indien hy 'n sukses van sy lewe wil maak (Neumayer & Bleasdale, 1996:102; Adelman & Vogel, 1990:154; Polloway, et al 1992:520; Gerber, et al 1992:481-482; Field, 1996:40; Greenbaum, et al. 1996:171). Willem erken vandag sy leergestremdheid en steek dit nie meer weg nie, omdat hy homself aanvaar het soos hy is.

Willem se geloof en Christelike agtergrond het hier veral 'n baie belangrike rol gespeel. Hy het homself aanvaar soos wat hy geskape is en geglo dat God 'n doel met hom het.

6.3.2.2. Konsentrasie op sterk punte:

Die aanvaarding van homself soos hy is, was egter nie vir Willem 'n enkele gebeurtenis nie, maar het gepaard gegaan met die ontdekking dat hy ander vaardighede het wat hy kan gebruik. Hy het hierdie ontdekking gemaak met die hulp van sy onderwyser in die spesiale skool wat hom die geleentheid gebied het om dinge met sy hande te maak.

Nadat hy 'n bewuste besluit geneem het om op sy sterk punte te konsentreer, het hy hom bekwaam in 'n beroep waar sy sukses nie afhang van hoe goed hy kan lees en skryf nie, maar hoe goed hy met sy hande kan werk (Weller, et al 1994:282, 293; Adelman & Vogel, 1990:161; Ohler, et al. 1995:72; Gerber, et al. 1992:479; Gerber, et al. 1996:100).

6.3.2.3. Beheer neem van eie lewe en deurstettingsvermoë

In die literatuur het ek gevind dat leergestremde volwassenes waarskynlik suksesvol sal wees indien hulle beheer neem van hulle eie lewens. Dit is duidelik dat Willem beheer geneem het van sy eie lewe, omdat hy in homself geglo het en aan homself gesê het dat hy eendag suksesvol sal wees (Gerber, et al 1992:479; Field, 1996:42; Gerber, et al 1996:98; Greenbaum, et al. 1996:171; Wehmeyer & Schwartz, 1997:246). Willem het vir homself doelwitte gestel wat hy kon bereik deur hard te werk. In hierdie proses het hy vaardighede aangeleer wat dit vir hom moontlik gemaak het om in sy beroep te vorder. Elke doelwit wat hy bereik het, het as aansporing gedien om nog doelwitte te stel sodat hy meer suksesvol in sy

werk kan wees (Field, 1996:41-42; Gerber, et al 1992:480; Gerber, et al 1996:96; Lichtenstein, 1993:340).

Willem se bereidheid om hard te werk en sy deursettingsvermoë, het 'n belangrike rol gespeel in sy sukses as volwassene. Hy was gedetermineerd om 'n kwalifikasie te verwerf. Sy deursettingsvermoë en harde werk het daartoe bygedra dat hy die teoretiese eksamens geslaag het, ten spyte van sy leergestremdheid. Hy erken ook dat hy nie maklik tou opgooi nie en baie hard werk om sy doelwitte te bereik. Hy stel aan homself doelwitte en bereik dit deur sy deursettingsvermoë en allesoorheersende begeerte om suksesvol te wees in sy beroep.

6.3.2.4 Ondersteuningsnetwerk

Willem het reeds vroeg in sy beroepslewe besef dat hy leer deur iemand se voorbeeld na te volg. Hy het nie die selfvertroue om iets nuuts aan te pak tensy hy eers gesien het hoe iemand anders dit doen nie. Die geleentheid wat hy gekry het om as vakleerling in te skryf by 'n maatskappy, het goed aangesluit by sy manier van leer. Onder die bekwame leiding van 'n mentor, het sy kennis en vaardighede ontwikkel en vermeerder. Na afloop van vier jaar van opleiding, het hy sy vakleerlingeeksamen met lof geslaag, ten spyte van sy leergestremdheid.

Volgens die literatuur, sal leergestremde volwassenes heelwaarskynlik nie suksesvol kan wees indien hulle nie 'n ondersteuningsnetwerk het nie (Lichtenstein, 1993:342; Dyson, 1996:285; Greenbaum, et al. 1996:172; Ohler, et al. 1995:73; Gerber, et al. 1992:483). In elke fase van Willem se lewe het hy geleer deur 'n mentor se voorbeeld te volg. In die spesiale skool het hy sy onderwyser gehad wat hom geleer het om homself te aanvaar soos wat hy is en om sy talente te gebruik. By sy eerste werk het sy werkgewer hom geleer om presies en netjies te werk. Tydens sy vakleerlingskap het sy mentor hom geleer om 'n goeie duikklopper te wees en om trots te wees op sy werk. Sy ouers het

van jongs af, en selfs vandag nog, 'n belangrike ondersteunende rol in sy lewe gespeel. Hy weet dat hulle hom sal help waar hulle kan. Vandag speel die ondersteuning wat hy van sy vrou kry, weer 'n belangrike rol. Sy selfvertroue het egter soveel verbeter in sy werk, dat 'n mentor nie vandag meer so 'n belangrike rol daar speel nie.

6.3.2.5 Praktiese intelligensie en die ontwikkeling van deskundigheid

Dit wil voorkom asof die benutting van praktiese intelligensie 'n belangrike rol in Willem se werksukses speel. Hy word daagliks in sy beroep gekonfronteer met probleme wat slegs opgelos kan word deurdat hy van sy ongeartikuleerde kennis gebruik maak. Wanneer 'n opgefrommelde motor herstel moet word, sê hy dat hy die prentjie in sy kop moet sien. Sy kennis en ervaringe van die verlede word gebruik om bestaande probleme op te los (Ackerman, 1998:145; Sternberg & Spear-Swerling, 1996:24; Torff & Sternberg, 1998:116; Tennant & Podgson, 1995:29; Klomp & McClelland, 1986:31; Ford, 1986:183; Willis & Schaie, 1986:362).

Sy professionele bekwaamheid berus op sy vakkennis wat alle fasette van duikklopwerk insluit. Hy het hierdie kennis nie uit boeke geleer nie, maar aangeleer tydens die uitvoer van take in sy beroep. Hierdie kennis word ook nie openlik bespreek nie en is meestal net op die werksituasie van toepassing, dus ongeartikuleerde kennis (Torff & Sternberg, 1998:118; Sternberg, 1990:277; Wagner, 1986:364; Sternberg, 1985:269).

Volgens die literatuur dra ondervinding, kennis en geakkumuleerde vaardighede by tot die ontwikkeling van gekristalliseerde intelligensie by volwassenes (Sternberg, 1985:269). Dit is dus belangrik dat 'n persoon 'n beroep vind wat aanpas by sy profiel van vaardighede. Willem het 'n beroep gevind waar hy sy handvaardigheid kan benut. Soos wat 'n persoon se praktiese vaardighede en

ongeartikuleerde kennis vermeerder, kan gekristalliseerde intelligensie ook vermeerder. Praktiese vaardighede kan verbeter, deurdat 'n persoon aan homself doelwitte in sy beroep stel. Sodoende kan hy as 'n deskundige gesien word. Dit is dus moontlik dat selfs 'n volwassene wat as kind as leergestremd getipeer is, wel 'n sukses in sy beroep kan maak (Sternberg, 1986:375):

Volgens Willem bied elke dag die geleentheid om nuwe dinge te leer. Alhoewel hy reeds as 'n deskundige in sy beroep gesien word, moet hy, soos wat tegnologie verander en verbeter, die nodige aanpassings maak. Sy kennis en vaardighede verander ook om aan te pas by veranderde omstandighede in sy werksituasie (Tennant & Podgson, 1995:49; Torff & Sternberg, 1998:116).



7. Gevolgtrekking

Die hoofdoel van hierdie studie was om die fenomeen te ondersoek, dat persone wat op skool as leergestremd getipeer is, tog dikwels gedurende volwassenheid 'n sukses van hulle beroepslewe maak. Om hierdie doel te kan bereik, is 'n ryk beskrywing van die geval wat nagevors is, se lewens- en leergeskiedenis gegee.

My werkshipotese vir hierdie studie was, dat praktiese intelligensie dalk 'n belangrike rol mag speel waarom leergestremde volwassenes wel 'n sukses van hulle lewe maak, ten spyte van hulle leergestremdheid. Dit blyk uit hierdie navorsing dat dit wel die geval is, maar dat ander faktore ook 'n rol speel en dat praktiese intelligensie in dié verband dus nie in isolasie beskou kan word nie.

Faktore wat in hierdie studie geïdentifiseer is, is aanvaarding van leergestremdheid, konsentrasie op sterk punte, lokus van beheer, deursettingsvermoë en 'n ondersteuningsnetwerk.

Tydens my literatuurstudie het ek opgemerk dat daar min gesê word oor die rol wat die skool in die sukses van leergestremde volwassenes gespeel het. Dit was vir my baie ontmoedigend, omdat ek gehoop het dat ander navorsers sou vind dat die skool wel bygedra het tot hulle sukses. Na afloop van my data-analise, was dit duidelik dat die skool wel 'n belangrike rol gespeel het in hierdie geval se sukses as volwassene.

8. Slotwoord

In hierdie studie het ek die geval ondersoek van 'n persoon wat as kind as leergestremd getipeer is en tydens volwassenheid 'n sukses van sy lewe gemaak het. Die voordeel van 'n enkele gevallestudie soos hierdie, is dat dit die geleentheid bied tot die verkryging van ryk data. Verdere soortgelyke studies sal dus van groot waarde wees met die oog op verdere beligting van die fenomeen wat in hierdie studie ondersoek is.

Vir my persoonlik, was dit wonderlik om te sien hoedat Willem homself ontwikkel het en aangepas het by sy leergestremdheid. Dit was goed om te sien hoedat daar in elke fase van sy lewe belangrike rolmodelle was wat elkeen 'n bydraende faktor gelever het tot sy sukses vandag.

Ten laaste het hierdie studie aan my persoonlik gewys dat slegs harde werk en deursettingsvermoë my toegelaat het om hierdie ondersoek te voltooi. Henry Ford het gesê dat daar geen groter genoegdoening kan wees, as wanneer jy iets voltooi het, wat jy nooit gedink het jy sal kan doen nie!

BRONNELYS

- ACKERMAN, P.L 1998: Adult intelligence: Sketch of a theory and applications to learning and education. In Smith & Pourchot (Eds.), *Adult learning and development. Perspectives from educational psychology* (p. 145-158). London: Laurence Erlbaum Associates Publishers.
- ADELMAN, PB & VOGEL, S 1990: College graduates with learning disabilities -employment attainment and career patterns. *Learning disability quarterly*. Vol 13, Summer 1990: 154-166.
- ANDERSON, PL, KAZMIERSKI, S & CRONIN, M 1995: Learning disabilities, employment discrimination and the ADA. *Journal of learning disabilities*. Vol 28 (4), April 1995: 196-204.
- CECI, SJ & LIKER, J 1986: Academic and nonacademic intelligence: an experimental separation. In: RJ Sternberg & RK Wagner (Eds.), *Practical intelligence*. (p 119-142). Cambridge: Cambridge University Press.
- DYSON, LL 1996: The experiences of families of children with learning Disabilities: Parental stress, family functioning, and sibling self-concept. *Journal of learning disabilities*. Vol 29 (3). May 1996:280-286.
- DIXON, RA & BALTES, PB 1986: Toward life-span research on the functions of pragmatics of intelligence. In: RJ Sternberg & RK Wagner (Eds.), *Practical intelligence* (p203-235). Cambridge: Cambridge University Press.
- ENCYCLOPAEDIA OF SPECIAL EDUCATION, VOL. 2.: John Wiley & Sons, New York.

- FIELD, S 1996: Self-determination instructional strategies for youth with learning disabilities. *Journal of learning disabilities*. Vol 29 (1), January 1996:40-52.
- FREDERIKSEN, N 1986: Toward a broader conception of human intelligence. In: RJ Sternberg & RK Wagner (Eds.), *Practical intelligence* (p84-118). Cambridge: Cambridge University Press.
- GARDNER, H 1993: *Frames of mind*. Second edition. Great Britain: Fontana Press.
- GERBER, PJ; GINSBERG, R & REIFF, B 1992: Identifying alterable patterns in employment success for highly successful adults with learning disabilities. *The journal of learning disabilities*. Vol 25 (4), Oct 1992: 475-487.
- GERBER, PJ; GINSBERG, R & REIFF, B 1996: Reframing the learning disabilities experience. *Journal of learning disabilities*. Vol. 29(1), Jan 1996:98-101.
- GERBER, PJ; SCHNIEDERS, CA; PARADISE, LV; REIFF, HB; GINSBERG, RJ & POPP, PP 1990: Persisting problems of adults with learning disabilities: self reported comparisons from their school-age and adult years. *Journal of learning disabilities*. Vol 23 (9), Nov. 1990:570-573.
- GRAVETT, SJ 1994: *Volwassene-leerders: implikasies vir onderrig*. Buro vir Universiteitsonderwys. Johannesburg: Randse Afrikaanse Universiteit.
- GREENBAUM, B; GRAHAM, S & SCALES, W 1996: Adults with learning Disabilities: Occupational and social status after college. *Journal of learning disabilities*. Vol 29 (2), March 1996: 167-173.

- GUBA, EG & LINCOLN, YS 1989: Fourth generation evaluation. Newberry Park: Sage Publications.
- JANSEN, T & WILDEMEERSCH, D 1996: Adult education and critical identity Development: from a deficiency orientation towards a competency orientation. International journal of lifelong education. Vol. 15 (5), Sept/Oct 1996: 325-340.
- LICHTENSTEIN, S 1993: Transition from school to adulthood: case studies of adults with learning disabilities who dropped out of school. Exceptional children. Vol. 59 (4), February 1993: 336-347.
- MAREE, K 1991: Maak jou kind slimmer. Vierde druk. Kaapstad: J. L. van Schaik drukkers.
- MAYKUT, P & MOREHOUSE, R 1994: Beginning qualitative research. A philosophical and practical guide. London: The Falmer Press.
- MERRIAM, SB 1998: Qualitative research and case study application in education. San Francisco: Jossey Bass.
- NEUMAN, WL 1997: Social research methods. Qualitative and quantitative approaches. Boston: Allyn and Bacon.
- NEUMAYER, R & BLEASDALE, M 1996: Personal lifestyle preferences of people with an intellectual disability. Journal of intellectual and developmental disability. Vol. 21 (2), 1996:91-114.
- OHLER, DL; LEVINSON, EM & SANDERS, P 1995: Career maturity in young adults with learning disabilities: What employment counsellors should know. Journal of employment counselling. Vol. 32, June 1995:64-78.

- PATTON, JR & POLLAWAY, EA 1992: Learning disabilities: the challenges of adulthood. *Journal of learning disabilities*. Vol 25 (7), Aug/Sept 1992:410-415.
- PATTON, MQ 1990: *Qualitative evaluation and research methods*. Second Edition. USA: Sage publications.
- POLLOWAY, EA; SCHEWEL, R & PATTON, JR 1992: Learning disabilities in adulthood: Personal perspectives. *Journal of learning disabilities*. Vol. 25 (8), October 1992:520-522.
- REID, DK & BUTTON, LJ 1995: Anna's story. Narratives of personal experience about being labeled learning disabled. *Journal of learning disabilities*. Vol. 26 (10), December 1995:602-614.
- ROCK, EE; FESSLER, A & CHURCH, RP 1997: The concomitance of learning disabilities and emotional/behavioral disorders:— A conceptual model. *Journal of learning disabilities*. Vol 30 (3), May/June 1997:245-263.
- SCARPATI, S; MALLOY, TE & FLEMING, R 1996: Interpersonal perception of skill efficacy and behavioral control of adolescents with learning disabilities: a social relations report. *Learning disability quarterly*. Vol. 19, Winter 1996:15-22.
- SCRIBNER, S 1986: Thinking in action- some characteristics of practical thought. In: R.J. Sternberg & R.K. Wagner (Eds.), *Practical intelligence* (p13-31). Cambridge: Cambridge University Press.
- SCUCCIMARRA, DJ & SPEECE, D 1990: Employment outcomes and social integration of students with mild handicaps: The quality of life two years after high school. *The Journal of learning disabilities*. Vol 23 (4), April 1990:213-219.

- STERNBERG, RJ 1985: *Beyond IQ. A triarchic theory of human intelligence.* Cambridge University Press: Cambridge.
- STERNBERG, RJ 1990: *Metaphors of mind. Conceptions of the nature of intelligence.* Cambridge University Press: Cambridge.
- STERNBERG, RJ & SPEAR-SWERLING, L 1996: *Teaching for thinking.* Washington, DC: American Psychological Association.
- STERNBERG, RJ. & WAGNER, RK 1986: *Practical intelligence. Nature and origins of competence in the everyday world.* Cambridge: Cambridge University Press.
- TENNANT, M 1998: *Psychology and adult learning. Second edition.* London and New York: Routledge.
- TENNANT, M & PODGSON, P 1995: *Learning and change in the adult years. A developmental perspective.* San Francisco: Jossey Bass.
- TORFF, B & STERNBERG, RJ 1998: *Changing mind, changing world: Practical intelligence and tacit knowledge in adult learning.* In: MC. Smith & T. Pourchot (Eds.), *Adult learning and development. Perspectives from educational psychology* (p 109-126). London: Laurence Erlbaum Associates Publishers.
- WAGNER, RK & STERNBERG, RJ 1986: *Tacit knowledge and intelligence in the everyday world.* In: RJ. Sternberg & RK Wagner (Eds.), *Practical intelligence* (p51-83). Cambridge: Cambridge University Press.
- WALTERS, JM. & GARDNER, H 1986: *The theory of multiple intelligences: some issues and answers.* In: RJ. Sternberg & RK Wagner (Eds.), *Practical intelligence* (p 163-182). Cambridge: Cambridge University Press.

WEHMEYER, M & SCHWARTZ, M 1997: Self-determination and positive adult Outcomes: A follow-up study of youth with mental retardation or learning disabilities. *Exceptional children*. Vol. 63 (2). Winter, 1997:245-255.

WELLER, C; WATTEYNE, L; HERBERT, M & CRELLEY, C 1994: Adaptive behavior of adults with learning disabilities. *Learning disability quarterly*. Vol 17 (4), Fall 1994:282-295.

WILLIS, SL. & SCHAIE, KW 1986: Practical intelligence in later adulthood. In: RJ. Sternberg & RK Wagner (Eds.), *Practical intelligence* (p236-268). Cambridge: Cambridge University Press.



BYLAE A: Uittreksel van eerste onderhoud

V: Willem, die eerste vraag wat ek jou gaan stel, is:
As jy nou teruggedink aan jou skooljare, beskryf dit vir my. Hoe was dit vir jou? Jy kan op enige plek begin van waar dit vir jou saakmaak.

A: Van Laerskool af?

V: Enige plek van waar jy wil.

A: Toe ek op Laerskool was, toe het ek my graad 1 en 2 gedoen. Toe ek nou Standaard 1 toe gaan, toe het hulle my, ... toe onthou ek, het ek gesukkel met lees en so aan. Toe het hulle my toetse gegee en na die toetse toe sit hulle my in die spesiale klas. Eers het ek baie onwaardig gevoel en het ek gevoel ek is dom en alles. Maar toe het ek eers begin en na 'n ruk word 'n ou gewoon daaraan en jy aanvaar dit. Eers toe ek nou in die spesiale skool kom, toe het dit begin sense maak. Een ding wat ek nooit sal vergeet wat hulle vir my in die skool geleer het nie, was jy weet, jou geleerdheid kan niemand van jou wegvat nie. En dat, ... daar het hulle jou geleer hoe belangrik 'n werk is want werk is skaars en as jy nie na jou werk kyk nie sal jy nie jou werk hou nie. Jy sal nie maklik weer werk kry nie, en sulke goeters. By die skool het hulle my geleer om my talente te ontdek. As ek nie na 'n spesiale skool toe gegaan het nie, sou ek seker nie die helfte gewees het van wat ek vandag is nie.

V: Regtig?

A: Regtig! Ek voel so daaroor.

V: Willem, jy praat nou nie baie oor die Laerskool nie. Het die Laerskool 'n groot rol in jou lewe gespeel?

A: Nee. Aag, nie rêrig nie. Jy weet ek kan nie baie onthou daarvan nie. Dit is 'n bietjie lank terug ... toe hulle nou die toetse en goed gegee het, ... maar ek voel dat as ek miskien 'n onderwyser gehad het wat 'n bietjie, 'n

bietjie meer aan my aandag gegee het met my spelling, en sulke goeters, want dit is basies al, my spelling en my lees. Want ek sou my toetse maklik kon gemaak het.

V: En sê vir my, jy het op 'n stadium vir my gesê dat jy nie gelukkig was toe hulle jou in die spesiale klas geplaas het nie. Aanvanklik het jy dit nie aanvaar nie. Hoekom het jy dit nie aanvaar nie?

A: Aag, die ding is, jy weet mos hoe is kinders. Hulle spot 'n ou altyd en sê jy is stupid. In my lewe, ek kan nie eers onthou hoeveel keer het hulle aan my gesê, ja, jy is stupid omdat jy uit die spesiale skool uitkom nie. Ag, my eie broer het dit vir my gesb!

V: En jou ouers?

A: My ouers het my altyd support. Altyd.

V: Is dit?

A: Veral my pa, hy het altyd uit sy pad uit gegaan om my te help. Tot vandag toe nog gaan my pa uit sy pad uit om my te help, en alles.

V: Nou as jy terugkyk na die laerskool, was daar onderwysers wat spesifiek aan jou aandag gegee het en jou gehelp het of het jy dit nie so ervaar nie?

A: Ek het, my eerste jaar wat ek graad 1 was, toe ons nog in Sasolburg gebly het, het hulle my een jaar teruggehou. En toe trek ons op JHB toe, toe was ek in Maraisburg Laerskool, en ...hm... toe het ek my gr 1 en 2 gedoen. Maar soos ek sê, ek kan nie meer lekker onthou nie, ek kan nie eers ... OK, ja, maar die juffrou wat ek in die spesiale klas gehad het, sy was, sy het ons mooi gehelp, en dit, jy weet. Maar toe was ek ook'n bietjie onder vriende gewees, slegte, slegte vriende en so aan.

V: Was jy opstandig daaroor?

A: Ek sou sê ja.

V: Wanneer het jy verander? Wanneer het jou opstandigheid oorgesit in aanvaarding?

A: Vandat ek in, vandat ek na die spesiale skool toe gegaan het.

V: Is dit? Nou hoekom het jy toe verander? Wat het gemaak dat jy toe verander het?

A: Aag ek, ek weet nie, ek het dit, ... My eerste jaar daarso was baie, baie skrikkerig. Jy weet, as jy in eers in die laerskool is, dan kan jy dit nog 'n bietjie wegsteek, jy weet. As die kinders jou vra in watter skool is jy dan sê jy jy is in daai skool, maar sodra jy oorgaan soontoe (spesiale skool) ... Maar toe, op 'n stadium het ek net gevoel, mense moet my aanvaar soos ek is. As hulle my nie wil aanvaar soos ek is nie, dan moet hulle my los, dan is hulle nie as vriende werd nie. En toe't ek ... Maar ek sou sê dit is basies eers in my ... Kyk jy kry mos eers daardie Oriëntering 1 en 2 wat jy doen, en eers omtrent daarna toe hulle my in 'n vak ingeplaas het wat ek nou moes, ... ek het welding op skool gehad, en eers van daar af toe het ek dit begin aanvaar. Want ek het altyd goed gedoen in die klasse en goeters, veral in my welding.

V: Kan jy nog die eerste keer toe jy spesiale skool toe moes gaan, onthou? Kan jy vir my beskryf hoe het dit vir jou gevoel?

A: Dis moeilik.

V: Kan jy dit onthou. As jy dit nie kan onthou nie ...

A: Ek kan onthou hulle het

V: Ek wil weet hoe het jy gevoel?

A: Skrikkerig!

V: Was jy bang? Onseker?

A: Ja, baie, baie. Want jy hoor altyd die slegte goed van daardie skole. Die mense kom by jou en sê die kinders is mal, en hulle rook en hulle drink.

Ek onthou my ma hulle het, my ma hulle is baie Christelik en dit. Ek onthou hulle het altyd gesê: moenie rook, moenie drink, moenie dit doen nie, moenie dat doen nie. En dit het hulle, daardie goed, het hulle alles in my kop ingeprint. Dit is seker hoekom ek tot vandag toe nie rook nie, en so, maar ag, dit is skrikkerig. 'n Mens is maar bang as jy na so skool toe moet gaan. 'n Mens weet nie wat om te verwag nie. Jy weet nie hoe is die kinders nie. Jy weet nie of hulle jou gaan afknou en slaan nie, en dit.

V: Daardie eerste twee jaar wat jy in die spesiale skool was, het jy toe al begin beseef dat jy meer handvaardig was, of nie?

A: Ja ek het, ek het. Ek het nog altyd, van kleintyd af het ek altyd met 'n hamer, ... ek was altyd besig met my hande. Ek het altyd my pa gehelp, my pa is 'n motorwerktuigkundige. Ek het hom baie gehelp op karre en, om goeters by die huis reg te maak, en so aan.

V: Ek wil terugkom na wat jy netnou genoem het. Jy het gesê in die Laerskool het jy gesukkel met lees en skryf, maar jy het gevoel die onderwysers kon meer moeite gedoen het met jou.

A: Ja.

V: Het jy minderwaardig gevoel omdat jy gesukkel het en miskien stadiger was as ander kinders?

A: Ja, 'n ou voel maar wat is fout met my want die ander kinders het nie 'n probleem daarmee nie. Hoekom moet ek 'n probleem hê daarmee? Maar ag soos ek sê, later van tyd aanvaar jy maar alles.

V: Wanneer het jy op daardie punt gekom wat jy besluit jy aanvaar dit nou? Kan jy dit onthou?

A: Ek sou sê eers in my derde of vierde jaar in die spesiale skool. Ek het net tot die standpunt gekom, ... Altyd as mense my gevra het by die Kerk en so, in watter skool is ek nou, dan as 'n mens tussen die kinders is, dan het ek maar altyd sommer gesê ek is in 'n ander skool. Want 'n ou is maar

skaam. Anders lag hulle altyd vir jou. As jy sê, dan sceme hulle jy is stupid en so. Maar toe het ek net op 'n dag vir myself gesê, hoekom moet ek skaam wees daaroor? En ek het vir myself gesê: Ek sal vir almal wys dat ek 'n sukses van my lewe sal maak.

V: As ek jou nou kan vra, daardie tyd toe jy besef jy het 'n probleem, en jy aanvaar dit, was jy toe 'n gelukkiger mens daarna?

A: Ja. Ek was baie gelukkig in die skool gewees. En my skooldae sal ek enige tyd terugvat, al was ek in die spesiale skool. My onderwysers het my baie, baie gehelp. Veral mnr. Badenhorst. Hy het my baie selfvertroue gegee.

V: Wat het hy gedoen dat jy meer selfvertroue gekry het?

A: Hy het my talente raakgesien en hy het my gehelp om my talente hy was die een wat my altyd aangespoor het. Hy het baie keer vir my klein jobbies gekry om by die huis te doen, en my altyd aangespoor. Hy het vir my gesê, hy het my altyd Willempie genoem en hy het my gesê: "Willempie, jy gaan eendag jou eie besigheid hê, hou net so aan". En selfs mnr. Fourie ook. Ek en mnr. Fourie het baie goed oor die weg gekom. Hy het my ook baie gehelp. Baie keer in skooltyd het ek, ek kan nie meer sy naam onthou nie, by een van die hoofinspekteurs gaan afdakke bou by sy huis en so. Sulke goeters, jy weet, het vir my baie selfvertroue gegee.

V: En het jy toe besef dit maak nie saak dat jy nie goed kan lees en skryf nie omdat jy talente op ander gebiede het?

A: Jy weet, ek kan nie onthou wie dit vir my gesê het nie, ek dink amper dit was mnr. Meintjies, hy het altyd vir ons gesê: "Man, dink nou net as almal professors was, wie sou die busse gery het, wie sou die karre reggemaak het? Die Here skape jou so dat elke mens sy talente het, jy moet dit net gebruik. Dit help nie jy probeer iets wees wat jy nie is nie". As jy gaan en jy probeer computers As ek by 'n computer gaan sit, dan gaan dit

'n groot gemors; wees. Dit is net nie in my nie. Ek kan dit net nie doen nie, en so dis hoekom ek met my hande werk.

Alles wat ek doen vat ek aan as 'n uitdaging. As ek'n kar by die werk inkry om reg te maak, vat ek dit as 'n uitdaging. Dit is wat my werk vir my interessant maak.

V: En as jy 'n werk aanvat wat jy beskou as 'n groot uitdaging en jy voltooi dit suksesvol, hoe voel jy daarna?

A: Baie goed.

V: En al hierdie kere wat jy 'n sukses maak, help dit jou om beter oor jouself te voel?

A: Dit het my meer selfvertroue gegee. Baie beslis.

V: Wanneer het jy begin besef dat klein suksessies help jou om jou selfvertroue te verbeter?

A: Hm ... Ek sal sê vandat ek begin werk het, want dan het jy groter mense om jou te oordeel of om teen te kompeteer. Want op skool, as ek dit so kan stel, was ek die beste welder. Daar was nie iemand wat beter as ek kon weld nie. En ek het dit geweet ook. Dis nie 'n uitdaging nie, daar was nie vir my 'n challenge in nie. Maar toe ek begin werk, het ek by 'n plek gewerk wat die skool vir my gekry het. Dit was 'n baie goeie werk gewees. Ek was daar as 'n assistant-fitter gewees. Ons het goeters met klein bearings aanmekaar gesit. Baie vinnig het daardie mense gesien ek maak uit van welding en sulke goeters. En hulle het baie, altyd, vir my goed gegee om te doen, en as ek dit gedoen het, het ek dit gevat as 'n uitdaging, om te sien of ek dit kan doen en hoe goed, en so. Dit is hoekom my selfvertroue verbeter het.

V: Ek wil terugkom na jou skooljare toe. Wat, sou jy sê, het op skool vir jou die meeste beteken? As ons spesifiek kyk na jou laaste vyf jaar.

A: Hm ... Ek sal sê wat ek die meeste geniet het op skool was om te kan werk met my hande. Hulle het altyd vir jou goed gegee om te doen, veral in die

welding sentrum, soos hekke en sulke goeters. En as ek so dink daaroor, ek mis dit om daardie goed te maak. Maar wat ek baie gedoen het toe ek op skool was, ek het tyd gehad op privaat werk te doen. Ek het dit baie geniet om dit te doen. Elke middag het ek huistoe gegaan en gaan hekke maak, en dit was altyd ekstra geld vir my. Tot vandag toe kan ek met trots sê dat alles wat ek gekoop het, het ek voor gewerk. Dit moet ek ook sê, dat as dit nie vir mnr. Badenhorst was nie, sou ek dit nooit gedoen het nie, want hy het altyd vir my gesê: "Hier is vir jou 'n klein werkie, gaan doen dit". Hy het my altyd gehelp om die goed op te sit en my gehelp om die goed uit te werk.

V: Het hy jou gehelp om die goed te meet en hoe om uit te werk hoeveel staal moet jy aankoop, en so aan?

A: Ja, dit het hy my alles geleer.

V: Het hy jou byvoorbeeld geleer hoe om te bepaal watter prys moet jy vra as jy die werk doen?

A: Ja.

V: Sou jy sê hy het jou ook geleer om trots te wees op jou self?

A: Ek sou so sê ja. Hy het my 'n baie groot riglyn in die lewe gegee. Ek dink as dit nie vir hom was nie, sou ek seker tot vandag toe nie so baie privaatwerk gedoen het nie. Vanaf skooltyd, doen ek maar privaatwerk, en so aan.

V: Willem, as jy so terugkyk, ek weet jou laerskool dae is nou lank terug, maar as ek jou vra om dit te vergelyk met die laaste 5 jaar wat jy in die skool was, wat sou jy sê staan vir jou die meeste uit? Watter jare was vir jou die belangrikste?

A: Die laaste vyf jaar in die spesiale skool.

BYLAE B: Uittreksel van tweede onderhoud

V: Toe ons geeëndig het met die onderhoud verlede keer, het ons gepraat oor die kollege. As ek reg onthou, het jy gesê dat jy gesukkel het by die kollege. Ek wil jou nou vra, waarmee het jy gesukkel?

A: Dit was vir my moeilik gewees in die eerste plek toe ek nou by die kollege gekom het, omdat ek nie meer gewoon was aan leer en dit nie. Dit het my eers 'n rukkie gevat om weer in die leerproses te kom. En dan, dat hulle vir jou al hierdie goeters gegee het en die lang vrae wat jy moes leer. Dit was moeilik. Ek het ook gesukkel met die lesery en so, maar ek het net gaan sit en dit gelees en dit uitgeskryf. Ek het dit baie uitgeskryf, ek het boeke vol geskryf om dit te leer.

V: Maar wat ek nie kan verstaan nie Willem, ekskuus dat ek die heelyd terug gaan en jou weer vra, jy het vir my 'n paar keer gesê jy het gesukkel om te lees, jy het gesukkel om te skryf, nê, jy het nie belanggestel om dit te doen nie. Jy het vir my gesê jy het vir drie maande in die koshuis gebly, dit was nie lekker om daar te bly nie, dit was onaangename omstandighede. Nou kry jy hierdie massas werk, goed wat jy moet lees. En daar sit jy en jy kan dit lees. Ek verstaan dit nie! Hoekom sê jy jy sukkel om te lees, maar daar kon jy dit lees?

A: Wel, dit is'n goeie vraag. (Hy lag).

V: Maar ek wil 'n antwoord hê!

A: Kyk, ek sal nie sê ek kan seker glad nie lees nie, ek lees net baie stadig. Baie stadiger as wat ander mense lees.

V: So, jy kan lees?

A: Ja ek kan lees.

V: As jy wil.

A: Ja, as ek wil.

V: Toe jy op skool nie kon lees nie,

A: wou ek nie lees nie.

V: Nou hoekom, dit is nou die belangrikste vraag, wou jy nie op skool lees nie?

A: Want ek het nie gedink ek gaan dit gebruik in my soort werk wat ek in gaan nie. Toe ek op skool was, het ek altyd gedink ek gaan'n welder word, ek het nie gedink waar gaan jy ... as jy weld, weld jy. Jy gaan mos nie lees om te weld nie, jy weet hoe om te weld. En dit was die standpunt waarop ek ingegaan het.

V: En toe, wanneer het jy verander?

A: Wel, toe ek nou begin agterkom, ... kyk jy moet jou Teoreties en al daardie goeters doen, voordat jy jou papiere kan kry, toe het ek verander.

V: Toe jy móét lees, toe kan jy?

A: Ja, ek kon (lag weer, tevrede).

UNIVERSITY
OF
JOHANNESBURG

V: Sê vir my, beskou jy jouself vandag as 'n goeie duikklopper?

A: Ja.

V: Toe jy begin het as duikklopper, was jy toe ook goed?

A: Nee.

V: Nou hoekom is jy vandag goed?

A: Soos hulle mos sê, "practise makes perfect".

V: So jy sê jy het geoefen en geoefen, en vandag is jy 'n goeie duikklopper – soos in baie goed!

A: Ja!

V: Waarin is jy nog goed?

A: Baie goed.

V: Soos wat? Noem vir my op.

A: Ek kan baie goed weld, basies enige ding wat jy my gee wat ek met my hande moet doen, sal ek vir jou doen. Gee vir my enige ding en ek sal dit vir jou doen.

V: Enige ding?

A: Ja, enige ding.

V: En as ek vir jou iets gee wat jy nie kan doen nie, wat gaan jy maak?

A: Dan gaan ek dit uit-figure, totdat ek dit kan doen.

V: Met jou hande? A: Hmm.

V: Maar jy gebruik mos jou kop ook?

A: Ja.

V: So jy is nie dom nie?

A: Ek het nog nooit gesê ek is dom nie.

V: Jy jok! Jy het vir my gesê jy het gedink jy is dom.

A: Ja, ek het gedink ek is dom.

V: Maar nou weet jy, jy was nooit dom nie.

A: Ja.

V: As jy nou terugdink, ... jy het spesifiek vir my gesê, toe jy in die spesiale skool gekom het, het jy gedink net dom kinders gaan soontoe. En dit het jou gepla. Jy wou nie gehad het mense moes weet jy is daar in die skool, en wat is jou probleem nie. En iewers op 'n stadium, so die derde jaar in die spesiale skool, toe besluit jy goed, ek aanvaar dit. Ek is nou hier, ek het 'n probleem. My probleem is lees en skryf, maar dit hoef nie vir my 'n

boikot te wees nie. Jy het daardie besluit geneem omdat jy toe geweet het jy kan met jou hande werk.

A: Maar weet jy nê, nou dat jy vir my sê, ja, dat ek wel gedink het dat ek dom is, maar vandat ek begin werk het, en die dinge wat ek doen, en die goeters wat ek, as ek net 'n bietjie gaan sit en ek dink. Ek het baie goeters wat ek dink. Soos sê nou ek wil iets bou uit yster uit, ek sal nie gaan, en gaan sit en op 'n prentjie, op 'n stuk papier 'n prentjie teken nie. Ek sit en ek dink dit uit my kop uit. En dit onthou ek in my kop soos ek dit wil maak - en dan maak ek dit.

V: Met ander woorde, jy sien 'n prentjie in jou kop.

A: Ja, en die goeters wat ek maak, ... soos in die week ... ons sukkel by die werk want ons het net een masjien om te trek, en toe het ek 'n ding, hulle noem dit 'n dozer, gevat en het 'n yster, soos 'n jig gemaak om op 'n ander kar te sit om hom te trek. Ek het al baie sulke goed gedoen en dan kom mense by my en sê, jis maar jy is slim. En dan skim ek well ... jy weet. Maar as 'n ou dink jy is dom, dit is nie dat ek dom is nie, dit is net dat ek anderste is. Ek is anderste as ander mense. Ek ken nou weer 'n ou wat baie goed is, soos my een oom, jy kan vir daai ou kan enige syfer gee, en hy werk dit vir jou net in sy kop uit, maar gee vir hom 'n spyker om in die muur in te kap, en hy sy al sy vingers afkap. Nou ek dink nou weer die ou is dom, hy kan nie eers; 'n spyker in die muur inkap nie. Hy dink nou weer presies dieselfde om. Hy dink ek is dom want ek kan nie eers somme doen nie.

V: Nou wat sê jy eintlik vir my?

A: Mense is anderste, want 'n ding wat ek in die lewe geleer het is, iemand het dit vir my gesê, jy weet nê, as die Here almal dieselfde gemaak het, wie sou die strate gevee het en wie sou die busse gery het en wie sou die karre reggemaak het, as almal kon computer werk en so aan. So, die Here maak 'n mens so. Hy maak jou soos Hy wil hê dat jy in die lewe moet wees.

- V: Maar op 'n stadium in jou lewe het jy gedink jy is dom. In die laerskool.
- A: Ja, tussen kinders. Jy weet mos hoe is kinders, hulle wil altyd kompeteer en hulle wil sien, wie het mooi skoene, en dan vra hulle ma ek soek ook daai skoene. Al kos daardie skoene so baie, jou ma kan dit nie bekostig nie, maar jy soek daardie skoene. Jy wil altyd soos die ander wees.
- V: En nou besef jy, noudat jy 'n grootmens is, mense is verskillend, hulle is nie almal dieselfde nie.
- A: Vandag, nou vandag kyk ek terug op van die kinders; wat saam met my was, wat vir my soos standbeelde was, wat ek na opgekyk het, nou kyk ek na hulle en ek kyk wat het van hulle geword vandat hulle in die skool was. Wat het hulle bereik in die lewe en wat het ek bereik in my lewe, nê. Dan besef ek dit is alles useless om net van daardie standpunt uit te gaan van ek wil soos daai een wees.
- V: Willem, iets wat jy laas vir my gesê het, jy besef dat in jou werk het jy nodig om te kan lees en skryf. Maar dit is nou die eerste keer, vandat jy uit die skool uit is, dat dit vir jou regtig noodsaaklik raak om te kan lees en skryf. Is dit so?
- A: Ja, want ek wil, jy weet ... Ek het, soos jy sê die wysheid en alles, om 'n voorman te kan wees, maar daar is een ding wat my terughou. Ek kan nie Engels, kyk Afrikaans kan ek lees en skryf, maar ... ek kan Engels lees, maar ek kan dit amper glad nie skryf nie. En as ek moet kwotasies en goed uitskryf, en ek moet dit uitskryf en ek moet al die parte en goeters neerskryf, en alles, dan, as ek dit nie kan doen nie, dan kan ek nie. Op die oomblik is dit al wat my terughou om 'n stap hoër te gaan in my werk.

BYLAE C: Uittreksel van derde onderhoud

- V: Jy het laas vir my gesê jy leer met jou oë en dat jy is baie goed is daarmee.
- A: Baie goed! Ek let altyd op in die klasse, altyd! (lag).
- V: Maar dit is goed as jy beseft dit is die manier waarop jy leer. Jy leer deur te kyk en dit self te doen.
- A: Ja dit is.
- V: Willem, as jy nou iets wil maak, gaan jy ooit CNA of biblioteek toe en gaan soek in 'n boek hoedat jy dit moet maak?
- A: Nee. Ek het al, as ek moet sê een of twee keer, as ek net verlore was en ek net idees gesoek het. Ek sal nie 'n boek gaan koop waar hulle my stap vir stap wys hoe om dit te doen nie. Ek sal net gaan en ek sal prentjies kyk, en sien ek hou hiervan en ek hou daarvan. Dan memorize ek dit in my kop en ek sal huistoe gaan en ek sal daardie ding onthou, en ek sal hom maak. Ek sal miskien 'n prentjie teken en ek sal die prentjie vat en dit maak. Maar meestal as ek iets wil maak, dan sit ek en ek dink dit uit. Of ek sal byvoorbeeld daardie stoel vat, en dan sal ek sê ek hou nie van dit nie en dan sal ek dit bietjie verander.
- Ek sal altyd probeer om te verbeter. Ek sal soos die stoel daar staan, sal ek hom onthou. Ek sal huistoe gaan en hom teken soos hy is en dan sal ek goeters byteken soos ek wil. Maar ek werk basies nooit van prentjies af nie. Ek redeneer dit uit my kop uit.
- V: So, jy werk nooit uit 'n boek uit nie.
- A: Nooit nie!
- V: En sê nou, maar jy wil ... Jy sê jou pa is 'n motorwerktuigkundige, sê nou maar jou motorfiets breek, en jy besluit om dit self reg te maak. Sê nou

maar dit is die ratkas en jy het nog nooit gedoen nie. Hoe gaan jy weet om dit te doen?

A: Ek sal dan 'n workshop manual koop.

V: Maar dan werk jy mos uit'n boek uit?

A: Ja, maar dit is 'n ander saak. Dit is 'n ander storie. As ek byvoorbeeld aan 'n kar werk wat ek weet wat om te doen, dan het ek nie 'n boek nodig nie. As ek stoele of goeters weld wat ek ondervinding van het, dan het ek nie 'n boek nodig nie. Maar as dit kom by karre se goeters, en dit is baie ingewikkeld, daar is baie klein goedjies daaraan verbonde, size en goeters, ... Selfs 'n gekwalifiseerde mechanic, gaan koop 'n manual om dit reg te maak.

V: So jy weet hoe om so 'n manual te gebruik?

A: Ek sal nie sê ek weet 100% nie, maar ek het al dit gebruik as ek dit moet gebruik.

V: Daardie manuals het mos prentjies in van alles. Dan wys die prentjies vir jou die volgorde waarin jy die deeljies moet insit?

A: Manie het mos 'n workshopmanual vir die motorfiets. So 'n rukkie terug het ek dit by hom geleen, en toe het ek daardie boek gevat en gaan inspekteur. Dit is hoekom ek sê, ek kan nie 100% Engels lees nie, ek sukkel bietjie, en ek lees stadig. Maar ek kan dit lees, ek kan myself help as ek tot op die punt kom.

V: Dit wat jy weet van karre af, byvoorbeeld hoe om aan 'n kar te werk. Hoe weet jy dit wat jy weet?

A: Dit is maar wat ek gesien het. Ek het geleer om deur vir my pa te kyk, en baie keer het ek vir my pa gevra. Waar ek nou werk, is dit nie meer nodig dat ek dit doen nie, want ons het 'n mechanic daar. Maar die plek waar ek

voorheen gewerk het, omdat die ouens geweet het ek het baie ondervinding, het hy my baie gebruik om ratkaste uit te haal. Toe het ek, as ek vashaak, as ek kan, dan sal ek dit los en dan sal ek vanaand huistoe gaan en vir my pa vra hy moet vir my verduidelik van hoe en wat. En dan sal ek raad kry by my pa. As ek vashaak, dan vra ek my baas. Dan sal hy vir my iemand kry wat my kom wys hoe om dit te doen. Iemand van Toyota of so.

V: So, jy leer nooit uit 'n boek uit nie. Jy leer dus deur te kyk en mense na te voig.

A: Basies, as ek nou iets aan my motorfiets moet doen, dan sal ek begin werk aan hom. Ek sal nie stap vir stap uit 'n boek uit werk nie, al wat ek uit die boek uit sal haal is dinge soos, gapings, hoeveel olie en hoeveel moet die boute getorg word en daardie soort van goeters. Dit is goeters wat ek uit die boek uit sal haal. Maar sê nou ek gaan die gearbox strip, daar is baie maniere hoe jy 'n gearbox kan strip en weer aanmekaar sit, sonder om 'n boek te gebruik. Jy begin hom strip en as jy daardie skroefie uithaal sit jy hom op no. 1 en dan pak jy dit so in volgorde uit. As jy hom weer aanmekaar sit, dan begin jy weer van die ander kant af. Al waarvoor jy die boek nodig het is om te weet hoe vas jy die bout moet maak en daardie soort van goeters. Vir dit moet jy nog kan lees, so.

As ek dit nog nooit gedoen het nie, sal ek dit nie doen as daar nie iemand naby is wat my kan help nie. Ek sal dit nie sommer alleen aanpak nie. Dit is iets wat ek vir myself al uitgewerk het. As ek dit al een of twee keer saam met iemand gedoen het, en gesien het hoe word dit gedoen, dan is dit nie 'n probleem nie. Dan sal ek dit self aanpak. Dit is baie geld wat daar in sit, as jy dit nie reg aanmekaar sit nie, dan kos dit jou baie geld. Al het ek 'n boek, dan het ek nog steeds nie daardie guts nie.

V: Maar as dit kom by duikklopwerk, dan het jy guts?

A: Ja, ek het!